

# DIE SAAYMAN FAMILIE VAN DIE SUID-KAAP IN SUID-AFRIKA

geslagregister

1650 - 2006

nagevors en uitgegee deur

**RIKUS SAAYMAN**

Ph.D., B.Ed.

**Die Strand, 2007**



Medewerking deur Liebet Saayman M.A.

Ter gedagtenis aan Steven Saayman van Riversdal en  
opgedra aan Nikita Saayman :

*Neem uit die verlede wat goed is en bou daarop die toekoms*

## INHOUD

Voorwoord en Dank	iv
1 Algemeen	1
2 Tydlyn van die ontwikkeling van tersaaklike distrikte van die suidelike Kaapkolonie	3
3 Kronologiese lewenskets van die stamouers: a : Daniel Zaaijman van Nederland en Piaternella van Meerhoff van die Kaap	5
4 Tweede geslag : Kinders van a : Daniel Zaaijman en Piaternella van Meerhoff te Mauritius, Kaapstad en Stellenbosch	11
5 Derde geslag : Kinders van b5 : Pieter Zaaijman en Anna Maria Koopman te Stellenbosch en Drakenstein	13
6 Vierde geslag : Kinders van c3 : Bartholomeus Zaaijman en Anna van Biljon te Stellenbosch en Drakenstein	18
7 Vyfde geslag : Kinders van d5 : Bernhardus Lambertus Zaaijman en (1) Maria Elisabeth Smuts en (2) Geertruyda Johanna Willemse te Stellenbosch en Riversdal	20
8 Kinders van e3 : Bartholomeus Saayman en Aletta Johanna Cecilia van der Vyver van <i>Barend Saaymans Eredood</i> , Riversdal	24
9 Nageslag van e3f1 : Bernhardus Lambertus Saayman en Elizabeth Johanna Stoffelina Louwrens te <i>Zeekoeagat</i> en <i>Zoutpan</i> , Riversdal	30
10 Nageslag van e3f3 : Bartholomeus (Jood) Saayman en (1) Maria Catharina Sophia Janse van Rensburg en (3) Josina Frederika Petronella Fourie te <i>Novo, Platkop, Soetmelksrivier, Heuningfontein</i> , ens., Riversdal	42
11 Nageslag van e3f4 : Izaak Bartholomeus Saayman en (1) Susanna Wilhelmina Catharina Janse van Rensburg en (2) Ambrentia Catharina Petronella Janse van Rensburg te <i>Melkhoutfontein, Zoutpan en Soetmelksfontein</i> , Riversdal	115
12 Nageslag van e3f6 : Barend Saayman en (1) e5f2 : Geertruida Johanna Saayman en (2) Maria Magdalena Margaretha Fourie te <i>Brakfontein, Riethuiskraal en Klein-Kruisrivier, Riversdal</i>	122
13 Nageslag van e3f7 : Mattheus Wilhelmus Johannes Saayman en Margaretha Susanna Fourie te <i>Kruisrivier en Soetmelksrivier</i> , Riversdal en <i>Swartwater, Albertinia</i>	127
14 Nageslag van e3f8 : Bernhardus Johannes Saayman en Maria Amerentia Janse van Rensburg te <i>Buffelsdrif, Riversdal; Scholtzkraal, Albertinia; en die Vrystaat</i>	139
15 Nageslag van e3f11 : Petrus Johannes Saayman en (1) Maria Sophia van Schalkwyk en (2) Hester Magdalena Margaretha Janse van Rensburg te <i>Melkhoutkraal, Klipfontein en Zoutpan</i> , Riversdal	141
16 Nageslag van e3f14 : Gerhardus Bartholomeus Saayman en Johanna Helena Susanna van Wyk te Riversdal en Ladismith	148
17 Nageslag van e4 : Lambertus Petrus Zaayman en Martha Susanna Terblanche te George en Uniondale	164
18 Nageslag van e5 : Mattheus (Matthys) Saayman en Susanna Elisabeth Cronje van <i>Klipdrift, Klein- en Steenkoolfontein</i> , Riversdal	169

19	Nageslag van e7 : Cornelis Michiel Saayman en (1) Emerentia Jacoba Meyer; (2) Christina Margaretha Rynhard en (3) Magdalena Catharina van Schalkwyk te George, Oudtshoorn, Calitzdorp, Uitenhage en Oos-Londen	173
20	Nageslag van e8 : Daniel Gerhardus Cornelis Saayman en Elsie Emmerentia Oosthuizen te Riversdal, Albertinia en Mosselbaai	181
21	Nageslag van e 11 : Petrus Daniel Saayman en (1) Maria Magdalena Mostert en (2) Maria Sophia Knoetsen te Calitzdorp, Oudtshoorn, Mosselbaai en Uitenhage	196
22	Ongekoppeldes	207
23	Statistiese Gevolgtrekkings	213
	Bronverwysings	220
	Bylaag 1 : Tabelle van Saayman verwantskappe met:	222
1.1	Cronjes	
1.2	De Jagers	
1.3	Duminys	
1.4	Nels	
1.5	Oosthuizens	
1.6	Janse van Rensburgs	
1.7	Steyns	
	Bylaag 2 : Tabel en kaart : Plase waarop Saaymans geboer het	232
	Bylaag 3 : Kernopsomming van die Saayman Stamboom	238

**TABEL 1 : LYS VAN AFKORTINGS**

Geslagskode	Status	Verwantskap	Plek	Tyd
a stamouers	⌚ kyk foto	k kind	Ndl Nederland	j jare
b tweede	* gebore	s seun	Frk Frankryk	m maande
c derde	~ gedoop	d dogter	Dts Duitsland	d dae
d vierde	x getroud	b broer	Eng Engeland	< voor
e vyfde	÷ geskei	sus suster	a.K. arriveer Kaap	> na
f sesde	† oorlede	n neef/niggie	Mau Mauritius	c. ongeveer
g sewende	Ω graf	kk kleinkind	Jhb Johannesburg	m morg
h agste	ω veras	akk agterkleinkind	Pta Pretoria	hk hektaar
i neënde	get getui(s)	s.v. seun van	Bfn Bloemfontein	nl. naamlik
j tiende	wed weduwee	d.v. dogter van	Dbn Durban	£ pond
k elfde	wew wewenaar	? moontlik	PE Port Elizabeth	NN nomen nescio/
l twaalfde, ens	pens pensionaris	[ ] bronverwysing	Dorpe kyk hfst 2	naam onbekend

## VOORWOORD EN DANK

As fisikadosent het ek myself altyd aan die eerstejaarklas bekend gestel met: "My van is Saayman – ek hoop wat ek saai, u met vrug sal maai." Min het ek toe besef dat nadat ek die universiteit daarwel gesê het, ek nuuskierig sou raak oor wie hierdie "saaiers" werklik is en pelgrimstogte na hul voorvaders se grafte sou onderneem. Die stimulus agter hierdie navorsing was die geboorte van 'n krulkop kleinseun in verre Engeland, 'n klipgooi oor die kanaal na die hawedorpie vanwaar sy stamvader van twaalf geslagte en drie-en- 'n - halwe eeu gelede sy Afrika avontuur begin het. In hierdie proses het ek baie nuwe vriende gemaak, selfs 'n paar "verlore" neefs ontdek en geestelik ryper geword. Dit het my as getoë natuurwetenskaplike, meer menslik gemaak : 'n waardering laat ontwikkel vir die boere pioniers wat die Suid-Kaap ontwikkel het om die stedelinge se spense vol kos te hou en hul vrouens, die "huiswerkers" soos hulle in die huweliksregisters van ouds beskryf is, wat groot gesinne moes voorsien en versorg. Die wortels van die meerderheid Saaymans in Suid-Afrika is geleë in Riversdal, vanwaar migrasie oos- en noordwaarts veral gedurende die twintigste eeu plaasgevind het. Alhoewel nie self 'n boorling van die dorp nie, het ek Riversdal, met sy groen golwende landskap aan die voet van die Langeberge, leer liefkry soos my pa, wat altyd met deernis van *Soetmelksrivier* gepraat het.

Hierdie register bevat meer as 4 400 inskrywings, waarvan die helfte met Saayman vanne, plus nog 1 800 aangetroudes, dus 'n totaal van oor die 6 200 name versprei oor dertien geslagte. Dit is 'n drastiese uitbreiding op die standaardwerk [Dev] wat slegs 81 name oor ses geslagte (a-f) bevat. Die onlangse publikasies [Mul] en [Par] oor vangenote is toegespits op twee (hfste. 16 en 17) van die dertien Saaymantakke in hierdie werk. Geen aanspraak word egter op korrektheid en volledigheid gemaak nie, want swak oë lees swaar aan die dominees se sierskrif in die mikroverfilmde ou kerkregisters en genealogie is mos ook nie 'n eksakte wetenskap nie. Alle positiewe kritiek om regstellings en aanvullings sal dus welkom wees.

Die hulp van Mn Leon Endeman en sy personeel van GISA te Stellenbosch vir die gebruik van hul fasiliteite tydens sowat 30 dagbesoeke, word gewaardeer. Ek hoop net hulle sal die Saaymans wegskuif van die einde van die alfabet by toekomstige uitgawes !

Hartlike dank aan my medewerkers dwarsoor die land, veel meer as diegene wat in die bronnelys aangedui word, wat bereid was om hul persoonlike gegewens, ou fotos en leidrade na ander familie aan 'n vreemdeling te verskaf. Die gasvryheid van die Saaymans van Riversdal tydens besoeke laat 'n warm gevoel agter. Ten slotte verskoning aan vrou Liebet wat soms haar ore moes toedruk wanneer daar uiting gegee is aan rekenaarfrustrasie om hierdie dokument klaar te maak. Dankie ook vir jou assistensie met die neem van fotos, gesprekopnames, redigering, ens.

In plaas van een lang uitgerekte register, is gepoog om die naslaanbaarheid te vergemaklik deur die verskillende geslagte en ook die manlike vertakkinge van die vyfde (kode e) en sesde (kode f van e3) geslagte in aparte hoofstukke te plaas. Sodoende kan byvoorbeeld die afstammelinge van e3f3: Bart (Jood ) in hoofstuk 10, voorafgaande hoofstuk 9 en daaropvolgende hoofstukke 11-21 ignoreer indien hulle net in hul eie tak belangstel. Die edit/find rekenaarfunksie is baie gerieflik om gou by 'n bepaalde persoon, datum, plaas of bladsy uit te kom. As motivering vir kind-ouerkoppeling word doopgetuies met Saaymanvanne ook aangedui. In hierdie register word die dominante Saayman vanskryfwyse veronderstel, tensy anders aangedui. Vir volledigheid en gerief van lesers wat nie maklik toegang tot die [Gisa] geslagregisters het nie, word die kinders (en in geval van my tak e3f3 in hfst. 10 ook verdere afstammelinge) van Saaymandogters met ander aangetroude vanne ook hier gedokumenteer, wat natuurlik in [Gisa] by die betrokke getroude van aangedui word. Die alternatiewe sodanige gepubliseerde geslagkodes word in hierdie register in hoofletters aangedui. Weens die baie herhaling van verwantskappe, plekname, ens. is afkortings soos gelys in Tabel 1 hierbo gebruik.

# 1. ALGEMEEN

**Betekenis:** Saaier

**Wapen:** Die oorspronklike wapen, Fig. 1(a) bevat vier dele:

Dele 1 en 4 is identies bevattende links drie goue sterre bokant 'n silwer eg op 'n blou agtergrond en regs twee skuinsgekruiste, rooi gebolde stokke op 'n silwer agtergrond; Dele 2 en 3 is identies 'n saaier met saadsak wat saai op 'n groen land met 'n rooi agtergrond. Die vereenvoudigde wapen, Fig. 1(b) behels net die saaier. Die helmteken bevat ook 'n uitkomende saaier. Bronverwysings [Pam; Paw].



Fig. 1(a) : Oorspronklike Familiewapen [Paw 546]



Fig. 1(b) : Vereenvoudigde Familiewapen [Pam]

**Getal vanne gelys in 2003-5 se telefoongidse van Suid-Afrika en Namibië:** 1 229 (vergelyk met 8 994 van der Merwes)

**Skryfwyse:** Meer as die helfte (57%) gebruik die verafrikaansde skryfwyse, Saayman, ongeveer 'n kwart (24%) Saaiman, 12% Zaayman en 6% Zaaiman, maar slegs 5 persone behou nog die oorspronklike Nederlandse Zaaijman van die stamvader Daniel, Fig 2(a). Die verafrikaansde skryfwyse is teen die eerste helfte van die neentienda eeu (ongeveer sesde geslag f) deur die NGK predikante wat die doop- en huweliksregisters opgeteken het, ontwikkel. Variasies soos Saaier, Saayers, Saie, Saier en in nuwe S.A. styl, Saimane, kom ook hier en daar voor. Op Heidelberg, W-K woon 'n Saayman in Zaaymanstraat!




Fig. 2(a) : Verskillende vanskryfwyses




Fig. 2(b) : Provinsiale vanverspreiding

**Geografiese verspreiding:** *Provinsiaal* bevind die meeste hulle in die Wes-Kaap (43%) waarvan 19% in die Suid-Kaap, gevvolg deur 21% in Gauteng, 10% in die Vrystaat en 9 % in die Oos-Kaap, Fig. 2(b).

*Stedelik* woon die meeste in Kaapstad (199), dan Pretoria (94), die Oos-Rand (57), Port Elizabeth (41), die Wes-Rand (40), Johannesburg (30), Bloemfontein (29), Durban (15) en Oos-Londen (12).

*Landelik* is die meeste te Riversdal (afgekort Rvd) (48 waarvan 3 te Soetmelksrivier), George (38 waarvan meestal Saaimans) , Heidelberg, W-K en Oudtshoorn (elk 28), Mosselbaai (25), Stilbaai (24 waarvan 8 te Melkhoutfontein) , Uitenhage (22), Prieska (13 Saaimans), Klerksdorp, Kroonstad, Sasolburg en Welkom (elkeen 12) en Ermelo (10 Saaimans).

Die meeste verwysings (rekenaarfunksie edit/find) in hierdie register is soos verwag word na Riversdal (Rvd : 2430), gevvolg deur Albertinia (Abt : 552), Ladismith (Lds : 451), Oudtshoorn (Ohn : 406) en Mosselbaai (Msb : 396).



Fig. 3 : Die distrikte van die Kaapkolonie 1850 [Ler(2) 40]

## 2. TYDLYN VAN DIE ONTWIKKELING VAN TERSAAKLIKE DISTRIKTE VAN DIE SUIDELIKE KAAPKOLONIE

(Kyk Fig. 3)

- 1652** **Kaapstad (Kps)** as VOC verversingspos deur Jan van Riebeeck begin.
- 1679** **Stellenbosch (Stb)** gestig deur en vernoem na die Kaapse goewerneur Simon van der Stel ("Van der Stel se bos") wat op 6 November op 'n eilandjie in die Eersterivier in die mooi vallei oornag het [Smu 52]. Sy drostdy is in 1685 en eerste N.G. Kerk in 1686 opgerig [Ler (2)].
- 1687** **Drakenstein (Dks), later Paarl**, vernoem na 'n kasteel naby Utrecht in Ndl , se eerste eiendomsplase word deur Simon van der Stel teen die hange van Simonsberg toegeken. In 1688 kry die Franse Hugenote hul eie leraar Pierre Simond en in 1691 stig die gemeente van Stellenbosch af. In 1804 verdeel Drakenstein tussen Stellenbosch en Tulbagh maar in 1839 ontstaan die nuwe distrik Paarl uit Stellenbosch. Geen drostdy is opgerig nie [Ler(3)].
- 1699** **Roodezand / Tulbagh (Tbh)** besoek deur WA van der Stel wat dit *Land van Waveren* genoem het en 1712 weilisensies vir beesboerdery hier uitgegee het. Die gemeente is eers in 1743 afgestig van Drakenstein. In 1804 verdeel die Bataafse Republiek Drakenstein in twee en kry die plaas *Rietvallei* van Hercules du Preez die drostdy Tulbagh, drie km vanaf die Roodezand kerkgebou [Ler(4)] .
- 1745** **Swellendam (Swd)** word as nuwe (vierde) Kaapse distrik geproklameer en 'n drostdy opgerig, vandag steeds 'n belangrike toeriste aantreklikheid [Coo], Fig. 17 en 19 verderaan. Die dorp is vernoem na goewerneur (1739-1751) Hendrik Swellengrebel (1700-1760) en sy vrou Helena Wilhelmina ter Damme (1706-1746). Dit kry eers in 1798 sy eie NGK gemeente, afgestig van Roodezand/Tulbagh [Ler(6)]. Die geboorte- en huweliksregisters vanaf 1798 tot 1850 is deeglik en verderaan sporadies nagegaan vir hierdie familieverslag.
- 1785** **Graaff-Reinet (GR)** se drostdy word afgestig van Roodezand gedurende die laaste bewindsjare van die VOC en vernoem na goewerneur (1785-1791) Cornelis Jacob van de Graaff en sy vrou Hester Cornelia Reinet. Die gemeente is in 1792 gestig, kort voor die eerste Britse besetting van die Kaap in 1795 [Ler (14)] .
- 1804** **Uitenhage (Uth)** se drostdy is 1804 en N.G.Kerkgemeente 1817 gestig. Dit is vernoem na kommissaris Jacob Abraham Uitenhage de Mist (1749-1823) tydens die kort bewind (1803-1806) van die Bataafse Republiek [Ler(19)].
- 1811** **Overberg / Caledon (Cdn)** ontstaan uit 'n deel van Stellenbosch en Swellendam met oprigting van beide 'n drostdy en N.G.Kerk. Die Swartberg warmwaterbron is egter reeds sedert 1715 deur die vryvoer Ferdinand Appel ontwikkel . Die dorpie Swartberg is in 1813 tot Caledon hernoem ter ere van Britse goewerneur (1807-1811) Du Pré Alexander (1777-1839), burggraaf van Caledon [Ler(7)].
- 1811** **George (Grg)**, vernoem na Britse koning George III (1738-1820), word afgesny uit die Swellendam distrik oos van die Gamka- en Gouritsriviere en 'n Drostdy opgerig. Die gemeente is in 1813 gestig [Ler (8)]. Die kerkregisters (baie moeilik leesbaar) vir 1813-1857 is deeglik en verderaan sporadies nagegaan vir hierdie familieverslag.
- 1819** **Worcester (Wcr)** word afgesny van Tulbagh, vernoem na die Markies van Worcester(1803-1835), broerskind Henry Somerset (1792-1853) van lord Charles Somerset (1767-1831) , Britse goewerneur van die Kaap (1814-1821). Die gemeente is in 1821 gestig [Ler (6)].

- 1839** **Riversdal (Rvd)** word gestig , vernoem na Sir Harry Rivers, Fig. 18 verderaan, landdros van Swellendam vanaf 1825 1842. Die N.G. Kerkgemeente het in 1839 van Swellendam afgestig (eerste dopelinge vanaf 19 Mei) en drostdy in 1848, [Ler (9)]. Die kerkregisters vir 1939- Aug 2006 is deeglik nagegaan te GISA, Stellenbosch en Riversdal om meegaande familielys op te stel. Die Kafferkuilsrivier is onlangs herdoop tot die Goukourivier, vernoem na die Hessekwakaptein van die laat sewentiende eeu wat daar sy kraal gehad het [Vwk 2-3] .  
Riversdal-Wes het op 27.1.1955 afgestig van die moedergemeente met 560 van die 2400 lidmate en ds Pieter Gideon Wiid van Joubertina as die eerste leraar [Vwk 23, Goo].
- 1845** **Mosselbaai (Msb)** is in 1488 deur die Portugese seevaarder Bartholomeus Dias (1450-1500) en in 1498 sy landgenoot Vasco da Gama (1460-1524) aangedoen. Briefe is onder die bekende posklip agtergelaat. Die naam is gegee deur die Ndl seekaptein Paulus van Caerden in 1601. Vanaf 1787 is die hawe deur die VOC gebruik vir die verskeping van graan en ander produkte na Kaapstad. Die gemeente het in 1845 van George afgestig met Ds T J van der Riet (1818-1881) as eerste leraar en die drostdy in 1848. [Ler(10) 47]. Mosselbaai-Suid het in 1959 van die moedergemeente afgestig. Die kerkregisters vir die tydperk 1847-1986 is nagevors vir hierdie verslag.
- 1847** **Oudtshoorn (Ohn)** se distrik is in 1847 van George en Mosselbaai afgesny en vernoem na Gesina Ernestina Johanna van Rheede van Oudtshoorn (1799-1868), eggenote van Egbertus Bergh (1794-1857), siviele kommissaris van George. Die moedergemeente is in 1853 gestig met ds Tobias J van der Riet as eerste leraar tot 1880. Oudtshoorn-Wes het Des 1948, Oudtshoorn-Noord 17.9.1951 en Oudtshoorn-Suid 8.11.1954 afgestig van die moedergemeente. Die kerkregisters vir die tydperk 1859-1952 en sporadies verderaan is nagevors vir hierdie verslag.
- 1850** **Ladismith (Lds)** se NGK word afgestig van die distrikte Swellendam en Riversdal op die plaas *Elandsvlei* , wyk Swartberg, Riversdal, Fig. 63 in Bylaag 2, en dorp vernoem na Juana Maria de Los Dolores de Leon, vrou van die destydse Kaapse goewerneur, Sir Harry Smith (1797-1860) [Ler (9)]. Geboortes en huwelike vanaf 1851 – 1990 is aangeteken in hierdie register.
- 1855** **Heidelberg (Hdb)** vernoem na die Duitse stad, word op die plaas *Doornboom* van Louis Johannes Fourie aangelê en sy gemeente van Swellendam en Riversdal afgestig. Die plaashuis bestaan nog, alhoewel bouvallig. Die Fourie stamvader het reeds c. 1700 hier en by *Duivenhoks aan de Wagendrift* weiregte verkry [Ler(6)]. Die kerkregisters van 1855 – 1902 en sporadies verderaan is nagegaan in hierdie verslag.
- 1866** **Uniondale (Und)** se gemeente word afgestig van George met ds P.D. Rossouw as eerste leraar (1870-1978) [Ler(8)]
- 1873** **Calitzdorp (Czd)** is in 1873 van Oudtshoorn afgesny en vernoem na Frederik Calitz wat in 1821 deel van sy plaas *Buffelsvlei* aan die gemeente George geskenk het [Ler(8)]. Hierdie verslag bevat Saayman besonderhede uit hul kerkregisters van 1873 – 1979.
- 1900** **Albertinia (Abt)**, vernoem na ds Johannes Rudolph Albertyn (1847-1920), vanaf 1883 tot 1892 leraar van Riversdal, word afgestig van Riversdal en ontwikkel op die plaas *Grootfontein*, reeds in 1898 deur die kerkraad van Riversdal aangekoop. Die nuwe gemeente ontstaan in 1904 [ Ler(9) 1]. Hierdie verslag bevat gegewens uit die beskikbare kerkregisters van 1904 – 1986.
- 1904** **Vanwyksdorp (Vwd)** word as kerkplaas op *Buffelsfontein* met baie van Wyks gestig uit Riversdal en Ladismith [Ler(9) 2] . Die relatief klein bydrae uit hierdie kerkregister strek van 1904-1971.
- 1942** **Stilbaai (Sbi)** se N.G. Kerkgemeente stig af van Riversdal. Die beskikbare kerkregisters van 1943 - 1989 is ingewerk in hierdie familieverslag.

### 3. KRONOLOGIESE LEWENSKETS VAN DIE STAMOUERS : A : DANIEL ZAAIJMAN VAN NEDERLAND EN PIETERNELLA VAN MEERHOFF VAN DIE KAAP

**1650 Daniel Zaaijman** \* Vlissingen, Seeland aan die suidwestelike onderpunt van Nederland (Ndl). Fig. 4 toon die roete van sy migrasie na Suid-Afrika. † 1714 (pokke) op 64 jarige ouderdom.

Sy vader was kuiper op die skeepswerf aldaar en sy moeder genaamd Catharina. Die argief te Vlissingen is ongelukkig in 'n brand gedurende die 19 de eeu verwoes [Zae]. Die Nederlandse voorsate van die stamvader het moontlik by Arnhem grond besit, waar die WOII Geallieerde gesneuwelde soldate gedurende Sep 1944 'n groot onsuksesvolle valskeermaanval gemaak het om toegang tot die Duitse Ruhrgebied anderkant die Neder-Rhynrivier te verkry [Sah].




Fig. 4 : Roetekaart van die Europese stamvaders na Suid-Afrika

**1663 Pieterella van Meerhoff** \* Kaap, † Kaap 1713 (pokke) op 50 jarige ouderdom van gemengde afkoms nl. dogter van **Peter Havgard** (beteken: tuin by die see) \* c.1636 † 30.9.1668 op 32 j, sjirurgyn (genees bo-op die huid) van Kopenhagen, Denemarke; arriveer Kaap 1658 as soldaat met skip *Princes Rojael*, verhollands tot Pieter van Meerhoff, word poshouer te **Robbeneiland**, Fig. 5, en onderneem ontdekkingsreise vir die goewerneur na Namakwaland, waar Meerhoffskasteel te Nuwerus na hom vernoem is [Bal; Gisa (5) 511; Sle 55, 594, 757].



Fig. 5(a) : Lugfoto van Robbeneiland




Fig. 5(b) : Kaart van Robbeneiland [Mat]

x Kaap 12.04.1664 **Eva-Krotoa** \* Kaap 1643 † Kaap 1673 op 30 j, susterskind van Autshumao of Herrie die Strandloper, kaptein van die Goringhaicona, inheemse volk van die Kaap [Mat; Sle 44-5], Fig. 6(a). Sy leer in 1848 Nederlands, bietjie Portugees, Engels en Maleisies praat by matrose van die gestrande skip *Nieew Haerlem* en woon na 1652 in by die Van Riebeeks as waardevolle tolk vir goewerneur Jan in sy veehandel, Fig. 6(b), met die inheemse volk [Par 2].




Fig.6(a):Khoikhoi dorpie by Tafelbaai [Sau 44]



Fig.6(b):Ruilhandel met die Khoikhoi [Sau 42]

Die Kompanjie beskou dit as 'n diplomatieke huwelik en beloon haar met bruidskat van 50 riksdalers en "een vrolike maeltijt" [Heh]. Sy was die eerste gekleurde persoon aan die Kaap wat gedoop is [Coj 2]. Haar enigste bate by haar voortydige dood was haar slaaf Jan Vos van Wes-Afrika [Sle 399]. Sy is begraaif in die eerste Kaapse kerk, De Ark. **Broers van Piaternella :**  
 (1) Jacobus \* Kaap 1664 wat vallende siekte kry, † 1686 ter see [Slb 650]  
 (2) Salomon \* Kaap 1.9.1666 † Mauritius 1682 aan malaria [Mat 454].  
 (3) Hieronimus \* Kaap 1669 van onbekende vader † Robbeneiland 1670 [Sle 398-9]

**1669** Daniel begin 'n VOC vryburgerkontrak van 15 j op die buitepos-baneiland **Mauritius**, Fig. 7, waar hy ook as skeepsnavigator, kuiper en timmerman werk.




Fig. 7(a) : Kaart van die eiland Mauritius [Mat]



Fig.7(b): VOC buitepos Mauritius c. 1642 [Slb 641]

Eva-Krotoa word met haar drie kinders na Robbeneiland, Fig. 5, verban weens haar verval in dronkenskap en onsedelikheid na haar man die vorige jaar vermoor is tydens slawehandel te Antongilbaai, Fig. 4, aan die kus van Madagaskar [Sle 212 en 398]. Piaternella word onder pleegsorg van Jan Reyniers geplaas [Sta].

**1673-1677** Piaternella word onder pleegsorg geplaas van Gerhard ("Lang Gert") Pieterszoon **van der Bijl** (1640 – 1698), a. 1668 v. Ndl x 1669 Sophia van der Tempel van Ndl [Sle 410], wat vanaf 1680 voouitstrewend boer te plaas *Vredenburg*, wyk Eersterivier, Fig.10 verderaan, en eerste heemraad (saam met Elberts, Grimpe en Henning Hüsing) en ouderling te Stellenbosch (Stb) word [Ler (2)

1,3,7,21]. Hul enigste kind **Pieter** \* Ndl 1661 ~ Kaap 26.06.1672 † 1723 (62 jaar oud) was moontlik Piternella se "eerste liefde", [Sle 740] maar sy ouers vrees gemengde bloed [Sle 533];x 29.08.1688 Anna S. Bosch, xx 1702 Hester Terwinkel \*1661 † 1743 :10 k. 'n Familiekerkhof van die van der Byls is op die plaas *Welmoed*, Fig.10 verderaan, en die familiegrafkelder van Andries C. van der Byl \* 12.11.1749 † 6.12.1830 is in die voortuin van die huidige N.G. Moederkerk, Stb.

**1676** Daniel gaan saam met Focke Jansz en Bartholomeus Borms as **vryburger-afgesante** na die Kaap se goewerneur Bax om te kla oor kommandeur en oud-seerower Hubert Hugo se tirannie op Mauritius.

**1677** Herbergier Barbara Geens stel Daniel aan Piternella voor. Barbara verhuis c 1680 na Stb by dogter Sara x 1670 Adriaan **van Brakel** van 's Hertogenbosch Ndl.: 14 k, o.a rooihaardogter Barbara bemin deur Adam Tas, maar trou met baie ouer skilder Corneille (vernoem Craaij) [Sle 527, 632, 690].

Daniel keer saam met die nuut aangestelde opperhoof Lamotius, Piternella en haar broertjie Salomon onder die nuwe pleegsorg van Bart en Theuntje Borms, op die hoekers *De Boode* terug na **Mauritius**, Fig. 7, na 'n reis van 38 dae [Bal; Slb18, 647]. Daniel (c. 27 j) trou met Piternella (c.14 j) aldaar op 13 Oktober en boer met suiker, tabak en groente op die **Lemoenboomsvlakte**, Fig. 7(a). Hy is lief vir die see, hou sy eie gaffelseilboot *Zeemaat* asook 'n kleiner sampantjie by Fransekerk aan en is naas Sven Telleson, ou skeepsmaat van Piternella se vader, die enigste op die eiland wat besoekende skepe veilig deur Suidoostergat in die rif na die ankerplek kan loods: "skipman..houtgans se temmer sonder vrees" [Mat 326, 336, 346, 397].

**1678-1708 Ag kinders** : vier dogters en vier seuns word oor 30 jaar uit hul huwelik gebore, kyk die *tweede geslag in hoofstuk 3*.

**1679** Opperhoof Lamotius se Losie, Fig. 7(b), word deur slawe afgebrand en sy vrou Margaretha en dogter Andrea kom om [Mat 386]. Piternella se broertjie Salomon word vanaf Bart Borms na haar en Daniel veskuif om as leerlingkuiper opgelei te word. [Mat 409]. Daniel verwerf hoë aansien onder die ander vryburgers as **raadgewer** oor landbou, finansiële en gesinsake [Sle 654; Mat 411] en enigste vertroueling van die verbitterde opperhoof Lamotius [Mat 433].

**1680** Daniel word ernstig beseer in 'n **mesgeveg** tot die dood met die besope onderstuurman Lubbert van *De Boode* oor die eer van sy verwagtende vrou, Piternella [Mat 424].

**1682** Piternella se broertjie Salomon sterf aan koors. Die Zaajmans verhuis van Lemoenboomsvlakte na **Swartriviermond** aan die weskus van Mauritius, Fig. 7(a), om arak apè (spiritis) uit kokospalm te stook vir opper Lamotius [Mat 458; Sle633].

**1685-6** Piternella se broer **Jacobus** word uit die Kaap onder sorg van sy suster en swaer geplaas, maar weens sy slegte gedrag en ongehoorsaamheid weer terug verskeep waartydens hy sterf [Slb 650].

**1690** Orkane verwoes die stookketel sodat hulle verder noord na **Noordweshawe** (vandag Port Louis, die hoofstad van Mauritius), Fig. 7(a), verhuis waar Daniel naam maak onder die Engelse en Franse seelui as kuiper op Kuiperseiland [Mat 339,342; Sle 668]. Hy verleen ook skuiling aan die banneling, luitenant Jan Dubertin wat vlug vir opperhoof Lamotius wanneer dié verlief raak op Jan se vrou Aletta [Slb 652].

**1706** Hulle word van die **welvarendste** van die stuk of 36 boere te Mauritius en besit 10 slawe, 37 beeste en hul eie skuite [Slb 648, 669]. Op dieselfde stadium tel die Kaapse koloniale bevolking 3 760 met 17% in kompanjiesdiens, 46% burgers op sowat 400 plase en 37% slawe van wie 71% in die burgerbevolking se diens [Gil 13].

**1708/9** Weens die sluiting van die buitepos deur die VOC, keer Daniel en Piaternella met vyf van hul ag kinders op die galjoot *Mercurius* terug na die **Kaap** (a. 26.01.1709), kyk Fig. 8, waar hulle twee van hul vier slawe wat saamgekom het, verkoop om 'n dorpserv bokant die groentemark en 'n eenmas-roeisloepie te kan koop [Sle 742].




Fig. 8 : Kaapstad na terugkeer van die Zaaijmans, 1709 [Sta]




Fig. 9 : Handtekening van die stamvader [Pam 373]

**1710** Hulle koop (T 833, handtekening Fig. 9) op 11 Oktober die **plasie Patrijzen Valleij** (68 morg = 58 hektaar), 4 km noord van **Stellenbosch** op die Klapmutspad, Fig.10 op die volgende bladsy, van David Henske (oorspronklik toegeken aan Hans Henske in 1692 wat sedert 1688 daar gewoon het) [Vdb 74a]. Vandaag bestaan daar slegs 'n buitegebou, *De Balke*, Fig. 11(a) wat teen c. 1965 as studentejolplek, *Beveley Hills* gebruik is. Dit is in die begin van die 19de eeu deur Sybrand Coenraad Vermeulen gebou, wat *Patrysvallei* in 1799 gekoop het en het 'n gepunte-kap endgewel en voorgewel met pediment waarop die palmboompie van Stellenbosch se wapen verskyn, Fig. 11(b)




Fig. 11(a): Bestaande buitegebou c. 1804 op  
*Patrijse Vallei* met Simonsberg agter



(b): Voorgewel c. 1820 van  
van buitegebou




Fig. 10 : Die plase van die distrik Stellenbosch [Fra]

[Fra 160; Vop]. Die omgewing daar lyk na Mauritius: diep valleie, steil hoogtes en spits bergpieke in die ooste. Vanaf 1806-1878 behoort Patrysvallei aan Pieter de Villiers [Ler (2) 29].

Die Zaaijmans kuier op die naburige plaas Elsenburg (1698), Fig.10, van die verbanne Samuel Elsevier by die verkromde oud-opper Isak Lamotius wat daar as bestuurder werk na ses jaar se dwangarbeid in die Ooste se soutmyne [Mat 643]. Die gesin loop Sondae lang pad kerk toe, kyk Fig. 12, terwyl welaf Pieter van der Byl en sy gesin per koets arriveer [Sle 740].

**1712** Hul bates te Stellenbosch behels vier seunskinders, 'n slaaf en slavin, drie slawekinders, 8 beeste, 2000 wingerdstokke, 30 mud (1 mudsak = 203 pond of 92 kilogram) koring gewen van 8 mud gesaai, 'n geweer en 'n degen (dolk) [Her]. Die Zaaijmans verloor hul aansien en verarm aan die Kaap; voel ontuis,

**ongelukkig** en ongewild as "basters en halfnaatjies" te midde van die Kaapse snobisme [Slb 672; Sle 743]. Piaternella se moed word gebreek weens die noodgedwonge verkoop van haar slaaf Moses van Malbaar wat die slawelosie op *Elsenburg*, Fig.10, afbrand en daarna self op die brandstapel vir sy wandaad sterf [Sle 752].




Fig. 12(a) : Skets van die nedersetting Stellenbosch in 1710  
deur E.V. Stade [Smu 84-5]

Hulle keer na die see in die **Kaap**, Fig. 8, en hul oorspronklike huis terug, waar Daniel inkomste probeer kry uit visvang en -smous op die reede wanneer skepe vasmeer of van (agter)deur tot deur in die dorp. Piaternella maak *boucan* (bokkings) en *karri* vir die winter en doen die wasgoed van die welaf inwoners [Sle 744].

- 1713** Daniel loods die VOC se retoervloot van 13 skepe en 3000 siele Tafelbaai in weens die afwesigheid van die gewone uitkyk op Leeukop en dra onwetend in mandjie skeepswasgoed die **pokke** land toe waaraan eers sy vrou in 1713 op 50 jaar en toe hy in Desember 1714 op 64 jaar, asook baie ander in die epidemie sterf [Sle753-5].
- 1715** Hul huis in Tafelvallei: blok gg, nos 11 en 12 word uit hul **boedel** aan Jan Jacob Stockvliet verkoop. Die inhoud behels 'n bed, matras, kussingtafel, kombuisware, versameling silwerknope (58), toebehore en kis met kuipersgereedskap [Bal].




Fig. 12(b) : Kaart van Stellenbosch in 1710  
met Callebasse Craal in NW hoek [Smu 50]

#### Voorkoms en persoonlikheidsketse uit historiese romans:

**Daniel:** "jakkalshaarman" weens mooi grofgeel hare [Mat 65, 66, 206, 328], met slim, blink oë en breë lag [113, 324]; vreesloos [159, 328, 397]; hardwerkend [467]; godsdiestig [338, 489, 627]; ordentlik [196, 327] ; goed [360, 526]; ontfermend [73, 91, 108, 132, 190, 206]; lief vir sy vrou en gesin [338, 341] en met lewensfilosofie: "leef jou eie leef en doen dit so regverdig as wat jy kan" [527].

**Piaternella:** slank, lyk veral na haar mooi pa [229, 230]; haar ma se "goedkind" [200]; "bietjie astrant" en koppig [249, 434]; intelligent [Mat 533: "kan lees en skryf en syfer"; Sle 531 :"oor enigiets gesels"], bekwaam [Sle 531: "kan kook en klere maak"] ; goeie ma [Mat 569], eggenote [336, 607] en verpleegster [464] met 'n afsku vir sterk drank [365] weens haar ma Eva se dronkenskap.

**4. TWEEDE GESLAG :**  
**KINDERS VAN A : DANIEL ZAAIJMAN EN PIETERNELLA VAN  
 MEERHOFF TE MAURITIUS, KAAPSTAD EN STELLENBOSCH**

- b1** Catharina \* Mau 27.9.1678/1680 [Bal/Sta];  
 "mooi, vriendelik, eiesinnig met rooibruijn hare" [Mat 364, 368, 572] op 16/14 j  
 x 1694 Roelof DIODATI op 36 j \* Dordrecht, Ndl 1658 van Switsers-Italiaanse afkoms, wat Isak Lamotius in 1692 as opperhoof van Mauritius vervang het; 1704 na Batavia, Fig. 4, waar Catharina oorlede en in die Groot Kerk begrawe is [Sle 679]; Roelof was daarna tot 1720 suksesvol goewerneur van die enigste Europese buitepos, Deshima op die Japanese kus [Slb 658] † Batavia 10.3.1723 op 65 j : 2 of 4 k :
- |    |                |    |               |                                |
|----|----------------|----|---------------|--------------------------------|
| c1 | Salomon * 1696 | c2 | Daniel * 1697 | [Mat 581, 599, 609]; of        |
| c1 | Elisabeth      | c2 | Johannes      | c3 Samuel      c4 Agatha [Sta] |
- b2** Eva \* Mau 10.6.1680/1682 † Kps 1711-1714 [Bal];  
 " fyne uitvrakind" wat haar ma help die siekes verpleeg [Mat 431, 560, 572]; op 17/15 j  
 x Mau 1697 Herbert Jansz VAN DER MEYDEN van Schoonhoven, Ndl; woon by *Swartriviermond*, Fig. 7(a). Hy ontdek in 1699 'n blok ambergris van 37 pond wat die VOC sonder beloning neem [Slb 672; Sle 744]. 'n NN kind is gebore voor 1706 [Slb 669]; a. K. 1709 saam met Zaaijman ouers  
 xx Stb 20.9.1711 Joannis Johan SMIT ~ Nieuwe Kerk, Delft, Ndl 10.1.1683 † 17.7.1714 (s.v. stamvader Johannes (Jan) Smit (\* c.1652 † 1696, na 'n bakleiery oor 'n perd) en Adriana Tol (1649-c.1722); a.K . c.1688 [Gisa (11) 407]) : geen k.
- b3** Magdalena \* Mau 1682/1684, 'n maand na twee komeetverskynings, leergierig en kunstig [Mat 572]  
 † Mau 6.11.1704 op 24/22 j; op 15/13 j  
 x Mau 1697 Johannes (Jan) BOCKEL(EN)BERG \* 1668 ( s.v. wynboer Daniel Bockelenberg en Elizabeth Loret van Kolberg, Hinderpoorten, Dts) , VOC soldaat, sjirurgyn vanaf c. 1697 tot 1704 te Mauritius ; verhuis na vrou se dood na Batavia en in 1705 as vryburger- sjirurgyn na Stellenbosch [Mat 627, 630, 643], waar heemraad in 1707 en plaas *Moddergat* (54 morg = 46 hektaar), Fig.10, besit, wat na sy dood in 1709 op 41 j eers aan Nicolaas Gockelius en toe aan Theunis de Bruyn verkoopt is [Bal; Sta] : 4 k nl. 3 d en 1s oor 6 j van 1698 -1703 gebore :
- |    |   |
|----|---|
| c1 | Petronella * Mau 1698 † Kaap ; op c. 14 j   |
|    | x Kps 4.9.1712 Coenraad Hendrik FEYT op c. 17 j * Dts 1695; † 1721 [Zae]  |
| c2 | Johannes * Mau 1700, vak leerling by swaer c1, maar weens wangedrag as matroos op die <i>Nederhoven</i> in kompanjiediens na Batavia in 1723 [Bal]  |
| c3 | Anna Elizabeth * Mau 1702 op c.12 j x Kps 4.11.1714 Andries BRUYNS op 16 j * 1698 † Kps , op 27 j<br>xx Kps 6.11.1729 Johan(nes) Ernst HEGER op 29 j * Soest 1700, VOC soldaat; op 36 j xxx 13.7.1738 Jan Jurgen DE WIT op 38 j * Lenssen c. 1700 [Bal] |
| c4 | Maria Susanna * Mau 1703 † Kaap; op c.18 j<br>x 15.6.1721 Gerrit VICTOR op 23 j * Kps 1698 (s.v. Cornelis Victor [Bal, Sta; Zae])   |
| b3 | Wew Jan Bockelenberg xx Stb 24.10.1705 Johanna VAN DEN BOSCH * c. 1690 ( d.v. Jan van der Bosch en Cornelia Helm) van <i>Natte Valleij</i> , Dks † c.1747 op 57 j<br>: 2k nl. 1 s en 1 d oor 3 j van 1707-1709 gebore [Bal, Sta].                       |
- Die familiennaam het blykbaar na die derde geslag uitgesterf in S.A.
- b4** Maria (Maijke) \* Mau 28.5.1683/1686 , vernoem na Maria van Riebeeck, "blye, mooiste, uitvrakind" wat na haar ouma Eva lyk [Mat 483, 490, 498, 529, 573] † c. 1713 (pokke) op 30/27 j [Sle 743]; op 16/13 j x Mau 1699 Hendrik Abraham DE VRIES op c. 23 j ~ Oude Kerk, Amsterdam, Ndl 17.7.1676 (s.v. Abraham Hendriksz de Vries en Ermpje Jacobsz Blanchart) † Kps 1744 op 68 j [Zae].Vryburger en skeepstimmerman op *Noordwykvlakte*, Mau, Fig. 7(a) waar hulle 5 slawe en 6 beeste in 1706 besit het [Slb 669]. By sluiting van buitepos in 1708 is hulle vooruit op Engelse skip, *Blenheim Castle* na die

- Kaap om huis te soek [Mat 631, Sta]. Hy is die stamvader van die De Vries familie in S.A., word venoot van Henning Huising en Gysbert le Febre in die veebedryf, korporaal in die Burgher Militia en diaken in die kerk. In 1719 verkry hy 'n dranklisensie by "Ronde Boschje" en besit later ook 'n stuk grond op die hoek van die huidige Kasteel- en George's strate in Kps [Sta]. : 5 s [Bal; Sta; Zae]:
- c1 Abraham \* Mau † 1718 as VOC matroos op die skip *Sleewijk* [Bal]
  - c2 Daniel \* Mau 1705 ~ Kps 4.11.1708 † > 1746 op 41 j; op 33 j x Kps 25.5.1738 Maria KOSTER, wed van Godlieb Christiaan Opperman en Coenraad Feijt op 35 j \* Kps 1703 : geen k
  - c3 Jacob \* Mau 1707 ~ Kps 4.11.1708 † 13.4.1744 op 37 j; op c. 21 j x Kps 12.9.1728 Margaretha DU PLOOY op c. 18 j \* Kps 1710 : seun Hendrik koop in 1728 die veephase *Louwvleit* en *Questenburg* van sy vader teen 10,000 gulde, wat dit vier jaar van tevore van Jan Valk gekoop het. Hulle swem beeste uit na die verbygaande skepe [Sta]
  - c4 Pieter \* Mau 4.11.1708 ~ Kps 4.11.1708 † Kps c. 1713 (pokke) [Sle 743]
  - c5 Izak \* Kps 12.3.1711 ~ Kps 12.4.1711 † Jan 1746 op 34 j; op 21 j x Dks 3.8.1732 Susanna BOSMAN op 20 j \* 17.1.1712 (B2: d.v. stamvader Hermanus Bosman \* Amsterdam 1682 a.K 1707 as sieke-trooster en voorleser vir gemeente Dks † 1769 x 1708 Elisabeth de Villiers(1690-1765) : 11 k nl. 8 s en 3 d [GISA (1) 348-9] ); bedryf 'n bakkery en woon te Zeestraat, Kps; † Kps 1755 op 43 j : 8 k nl. 4 d en 4s [Bal, Sta]
  - b4 Wew Hendrik de Vries xx Dks 1713-1718 Johanna VAN ES \* c.1695 † c. 1745 op 50 j : 8 k : 4 s en 4 d oor 19 j van 1714 - 1732 gebore [Bal; Sta]. Hulle woon met 'n gedeelde vleiskontrak op dieleenplaas *Vriesefontein onder die Klein Dassenberg* ( vandag net *Dassenberg* ) te Slagtersveld naby Mamre, noord van Kps [Sta], waar Pieter met sy drie jonger broers (b6-b8) skuil tydens die pokke- epidemie van 1713-4 [Sle 743-4].
  - b5 PIETER** \* Mau 10.10.1686/8, a.K 1711 na hy eers agterbly op Mauritius met sowat 50 honde en draai in Batavia, Fig 4, maak [Sle 741, 747] † Kaap 1749 op 63/61 j. Sy herkoms word deur [Hej] aangedui as  $\frac{1}{2}$  K +  $\frac{1}{4}$  Ndl +  $\frac{1}{8}$  Inheems +  $\frac{1}{8}$  Dts.  
*Voorkoms en geaardheid:* "Pa Daniel se ewebeeld (kort, bruin, seningrig) en trots; reguit, uitdagende kyk van ma by die van der Byls geleer; stil, kalm, rustig geaard en alleenloper soos sy pa; beduiweld as verontreg word" [Mat 573; Sle 680,736,740].  
 "Pieter het nie baklei teen skool toe gaan nie. Hy't sommer weggehardloop" [Mat 573].  
 Skipper, timmerman en kuiper (soos sy pa) te Mauritius, die Kaap en Stellenbosch: maak afskortings vir die kerkbanke met deurtjies sodat ander nie jou plek vat nie, vate vir Adam Tas se parshuis te *Libertas*, Fig.10, en doodkiste o.a. vir die lang (tagtigduim: 2.03 m) Pieter van der Byl, ma Piaternella se jeugvriend [Sle 739, 753, 755]. Besit teen 1738 te Stellenbosch 17 beeste, 'n geweer en 'n degen [Her] ; op 25/23 j x Stb 10.1.1712 Anna Maria KOOPMAN ~ Kps 20.8.1690 † Kps 1742 op 52 j (B1 d.v. Bartholomeus Koopman (vanwaar die algemene Saayman voornaam Bart vandaan kom), wew Van Utrecht, Ndl. x 11.10.1688 Engeltje Cornelissen van der Bout; wed Koopman xx Kps 19.11.1722 Hans HENSKE, oorspronklike eienaar van *Patrysvallei*, kyk 1710, hoofstuk 3) : 9 k nl. 5 s en 4 d oor 20 j vanaf 1712 -1731 gebore, *kyk derde geslag in hoofstuk 5*
  - b6 Daniel** \* Mau 20.11.1692/5 ~ Kps 17.2.1709 † Kps 15.7. 1725 op 33/30 j  
 Saam met ouers na die Kaap in 1709, loop effens mank in een been weens val van perd ; 1718 as VOC matroos na Verre Ooste, moontlik Ceylon onder leiding van Van Taak wat trou met Pieter van der Byl se dogter [Bal; Sle 755].
  - b7 Johannes** \* Mau 23.1.1704 ~ Kps 6.1.1709 [Gisa Fm20 (126)] † 1713 (pokke) op 9 j [Bal; Mat 643]
  - b8 Christiaan** \* Mau 27.3.1708 ~ Kaap 6.1.1709 [Gisa Fm20 (126)]

*Opmerking:* Hierdie register toon dat slegs b5 tot verdere Zaaijman-afstammelinge bygedra het . Die ab5 notasie word dus veronderstel by die verdere nageslagbeskrywing.

## 5. DERDE GESLAG : KINDERS VAN B5 : PIETER ZAAIJMAN EN ANNA MARIA KOOPMAN TE STELLENBOSCH EN DRAKENSTEIN

[Dev,Mul,Sar,Zae]

- c1 **Piternella** ~ Stb 18.7.1712 † Kps > 1775 ; x Paarl (Paarl) 14.9.1731 Barend JANSZ, later JANSEN \* Kps 1711 (s.v. Barend Jansen van Zwolle, Ndl. x Kps 4.7.1695 Annatje Lakens v.d.K.), burger Stb en Dks en stamvader van die familie Jansen in SA. Hul gesamentlike standaardtestament word 20.6.1775 opgestel deur sekretaris Abraham Franze, aktesekretaris Stb en Dks [Nars 7/1/23 (23)]. : 10 k nl. 5 d en 5 s oor 23 j van 1731 - 1753 gebore [Gisa (4) 72: B1 en C1-10] :
- d1 Anna Maria ~ Dks 14.10.1731  
 d2 Anna Francina ~ Stb 13.9.1733 x 2.3.1754 Johannes Christoffel ESTERHUIZEN  
 d3 Frederik ~ 3.5.1735 x 11.11.1787 Anna Maria LIER xx Maria Christina MEYER  
 d4 Engela Maria ~ 11.8.1737 x Marthinus COERTZE (Koorts)  
 d5 Johannes Petrus ~ 7.11.1739  
 d6 Petronella Anna ~ 15.4.1742 x 23.2.1774 Johannes KUUN \* 1726 † 16.8.1798 op 72 j  
 d7 Bernhardus ~ 16.8.1744  
 d8 Daniel Bartholomeus ~ Dks 27.11.1746  
 d9 Elizabeth Barbara ~ 26.9.1751 x Dks 16.10.1774 Johannes FORBISEUR  
 d10 Christiaan Cornelis ~ 15.11.1753
- c2 **Daniel** ~ Stb 14.10.1714 (Stb doopregisterboek 77) † Kps > 1773 of 59 j, ongetroud, boer minstens vanaf 1741 tot 1773 te Wellington met meeste bates in 1757 aangegee as 4 perde, 40 beeste, 500 skape, 'n geweer, pistol en degen [Her]. Hy was soos sy naamgenoot-oupa 'n avonturier, wat volgens die lys van toggangers vanaf 1737-1744 minstens ses jag- en wildstogte in die Langkloof onderneem het [Sah]. Sy roete het gegaan deur Attakwaskloof, wes van die huidige Robinsonpas omtrent regoor Albertinia, langs die Kammanassie (beteken "met water") in die Cango en langs die Olifantsrivier in die Camdeboo.
- c3 **BARTHOLOMEUS** ~ Stb 1717 † Stb 22.9.1765 op c. 49 j; x Stb 20.10.1741 Anna VAN BILJON ~ Kps 11.1.1724 † Dks 24.11.1795 op c.71 j (B1 d.v. Bernhardus Lambertus van Biljon a.1707 v. Overijse, Brabant, België x 1723 Maria Walters, moontlik d.v. Ernst Friedrich Walters, VOC leerlooier, en Maria v.d.K. [Gisa (1) 280: b1 ; Stal]) : 9 k nl. 5 d en 4 s oor 24 j van 1743 -1766 gebore, *kyk vierde geslag in hoofstuk 6. Eiendom in Stellenbosch 1740-1786, Fig.13 en 14* : Bartholomeus koop:
- (1) (T 2481) op 12.8.1740 erf (a+b) van 1 morg (= 0,8565 hk), deel van die plaas *Callebasse Craal* (*Wilgenhof*), begrens deur Ryneveld- (W), Victoria- (N), Neethlingstraat (O) en die Droogerivier(S);
  - (2) (DSF III 6) op 12.10.1750 erf (M+N) van 1 morg groot wat oor die huidige Ryneveld- tot by Andringastraat strek [Vdb 34a].




Fig. 13(a) : Oudste plan van *Callebasse Craal* 1698 met huidige straatplan bo-oor [Vob 3]




Fig. 13(b) : Huidige geboue langs Ryneveldstraat, Stellenbosch [Mei 15]




Fig. 14 : Dorpsplan van Stellenbosch in 1770 deur H. Fransen wat bokant die Drooge rivier die erwe a,b,c, M en N van Bartholomeus Saayman en Anna van Billion aantoon asook hul (waarskynlike) T-vormige plaashuis van 1750 , vandag die Skuinshuis genoem  
[Sar saamgestel uit Smu 87 en Vdb 32a]

Hierdie grond is oorspronklik tesame met die plaas *Voorgelegen* in 1683 aan Harmen Janz Potgieter toegeken en het vanaf 1687-1698 aan Sybrand Mancadan, eerstesieketrooster, onderwyser en predikant van Stellenbosch en sy weduwee (x Jan Geel) behoort, Fig. 12(b). Die Droogerivier is vandag nog sigbaar, Fig. 15(a), alhoewel bloot 'n deels ondergrondse sloot waar dit die meentgrond wes van Ryneveldstraat tussen Neethlinghuis (munisipale kantore) en Erfurthuis (1876, deel van Stellenbosch Museum) kruis, Fig. 15(a).



Fig .15(a) : Hedendaagse blik oor die "Droërivier" met Ryneveldstraat en Skuinshuis op agtergrond




Fig. 15(b) : Die Skuinshuis, Ryneveldstraat na Joodse restourasie in 1979

Bart bou hier c. 1750 'n T-vormige plaashuis langs die pad na Idasvallei, waar waarskynlik vandag die sg. Joodse Skuinshuis, met fasade uit die middel 19e eeu, langs die Hebreeuse Sinagoge staan, Fig. 13(b) en 15(b). Die woonhuis en uitgestrekte tuingrondte omring deur heinings van bome en struiken, sigbaar links van die Skuinshuis op Fig. 16, het teen 1776 aan die sjirurgyn Melchior Briers behoort.




Fig 16 : Akwarel panorama van die dorp Stellenbosch in 1776 gesien vanaf Papegaaisberg (westekant) deur Johannes Schumacher [Smu 56-57]

Die Zaaijmans se gesamentlike testament is 31.12.1750 opgestel deur Jean Benjamin D'alilly Teart (?) van Stb en Dks [Nars 7/1/16 (41)]. Bart se ander bates word in 1761 aangegee as 2 slawemans, 8000 wingerdstokke, 3 vate wyn, 'n geweer en degen [Her]. Beide erwe (2 morg) word 9.4.1764 (?) datum foutief weens < Bart † en \* kind d9) die eiendom van Antonie VAN KALTEYER van Niederzeuzheim, wat met wed Zaaijman getrou het [Vdb 34a; Gisa(1) 280 :B1]

- c4 Catharina of Catryna ~ Stb 22.10.1719 [Stb doopregisterboek 93]
- c5 Engala ~ Stb 11.5.1721 [Stb doopregisterboek 98]
  - x Stb 16.7.1741 Abraham PELTZER, later PELSER op 19 j \* Kps 20.7.1721 (s.v.. Abraham Pelser, a.K 1707 van Hamburg, Dts, soldaat en boerekne) x Kps 26.6.1718 Elizabeth van den Berg \* 1701: 3k ) : 7 k nl. 4 s en 3 d oor 22 j van 1741 - 1762 gebore [C1-C7: Gisa (7) 375; Zae 19]:
- d1 Abraham Libregt ~ Stb 10.9.1741, ongetroud
- d2 Elisabeth Catharina ~ Dks 9.6.1743 x Dks 12.10.1760 Dirk COETZEE, burger Dks;
  - xx Dks 22.10.1769 Willem STRESAU, burger Swd;
  - xxx 13.12.1789 Johan Izaak PONTE, \* Dts, skoolmeester *Galgebosch*, GR
- d3 Anna Maria Jacoba ~ Stb 13.6.1745 x Tulbagh (Tbh) 11.5.1760 Johannis David GROOTSCHEL, later GRIESEL, Deense skipbreukeling naby Mosselbaai, 1750
- d4 Carel Johannes ~ Tbh 22.12.1754 , burger Stb x Tbh 15.2.1778 Maria WAGENAAR op 22 j \* 16.11.1755 : 1 s; xx Kps 18.10.1795 Anna Cornelia BOTHA (stamvader: Friedrich Both \* Dts 1653, soldaat 1679, burger 1683 [Gisa(1)360] (wed van Tonderen);  
xxx Kps 22.3.1801 Johanna BEZUIDENHOUT (wed Breitenbach)
- d5 Petrus Cornelis ~ Tbh 3.7.1757, burger Kps, Stb en GR x Kps 8.9.1782 Martha Maria BOSHOF op 15 j \* 2.11.1766 ~ Stb 3.7.1767 : 3 k : 2d en 1 s op 45 j xx Kps 12.12.1802 Elsje VAN DER MERWE
- d6 Willem Jacobus ~ Stb 2.12.1759 x 2.4.1784 Johanna STEENKAMP

- d7 Barbara Jacomina ~ Swartland 25.7.1762 x 30.5.1779 Johannes Hercules VILJOEN ~ Stb 29.4.1754
- c6 **Francina** ~ Stb 1.8.1723 [Stb doopregisterboek 103] ;  
 x Stb 9.10.1740 Pieter HARMSE \* Kps 1722 (B10 : jongste k.v. Johann (Jan) Harmens Harting van Paderborn, Dts † 1716/7 x 1697 Maria Beyers, d.v. Andries Beyers en Catharina Vryman v.d.K.) : 11 k nl. 6 s en 5 d oor 24 j van 1741 - 1764 gebore [B10 C1-11: Gisa (3) 88] :
- d1 Pieter ~ Stb 29.10.1741
- d2 Anna Maria ~ Stb 27.7.1743 x Gerrit VAN DER LINDE (? b.v. Petronella x d6 en J.F. x d8)
- d3 Cornelis ~ Stb 5.9.1745 x 2.5.1779 Anna Catharina FOURIE (d.v. David en Louisa) : 6 k nl. 3 s en 3 d
- d4 Rachel ~ 19.9.1747
- d5 Daniel ~ 7.6.1750 x 23.1.1785 Anna Magdalena COERTZE (d.v. Roelof Coertze): 10 k
- d6 Christiaan ~ 8.4.1753 x 18.3.1787 Petronella VAN DER LINDE (? sus v. Gerrit x d2 en J.F. x d8) : 10 k nl. 6 s en 4 d
- d7 Petronella ~ 30.3.1755 x J.H. SCHREUDER
- d8 Catharina ~ 3.7.1757 x J.F. VAN DER LINDE (? b.v. Gerrit x d2 en Petronella x d6)
- d9 Bartholomeus ~ 25.8.1759 x Anna Christina KRUL (Kriel) xx 4.4.1802 Anna Christina FOURIE (? sus v. Louisa Petronella x d10): 11 k nl. 6 s en 5 d
- d10 Barend Daniel ~ 8.11.1761 x huwelikshof, Tbh 2.12.1805 Louisa Petronella FOURIE (? Anna Christina x d9) : 4 k nl. 3 s en 1 d
- d11 Francina Elizabeth ~ 10.6.1764
- c7 **Barend** ~ Stb 3.2.1726 [Stb doopregisterboek 111], ongetrouw te Dks in 1761 [Her]
- c8 **CORNELIS** ~ Stb 26.9.1728 [Stb doopregisterboek 127], boer Dks minstens van 1752 - 1761 en besit 3 slawe, 10 perde, 20 beeste, 20 mud koring gewen van 3 mud gesaai, 'n geweer, pistool en degen [Her]; x Catharina SLABBERT (wed Cornelis Franken van der Nest : 4 k) Kps 17.4.1729 (B10 C1: d.v. Gideon Slabbert en Francina Carstens; stamvader Floris Slabbert \* Zeeland 1656 x 1684 Huybreghe Jaspers a.K.1699 met 7 k [GISA (11) 335]) : 4 k nl. 2 s en 2 d oor 8 j van 1759 -1766 gebore:
- d1 Cornelis Petrus ~ Stb 18.3.1759
- d2 **Catharina** ~ Stb 26.10.1760 j x Tbh 31.10.1779 Johannes Esaias DAVEL ~ Stb 12.2.1754 (B3 : s.v. stamvader Johann Christian Tafel \* Bantzen, Dts a.K. 1734 as soldaat; boerkneg 1736-1746; burger 1748 † 1768 x 24.11.1748 Johanna Catharina Nel) : 5 k nl. 3 d en 2 s oor 13 j van 1760 -1793 gebore [C1-5 : GISA (2) 31-2 ]:
- e1 Johanna Catharina ~ 2.9.1781 † 31.7.1860 op 78 j; x Kps 23.10.1803 Johannes Andreas PRETORIUS ~ Tbh 15.11.1783, trekboer, † Modderfontein 29.4.1856 op 72 j
- e2 Johannes Christiaan ~ 6.10.1782 x GR 3.7.1806 Martha Magdalena ERASMUS xx GR 18.7.1813 Johanna Maria LANDMAN : 4 k nl. 3 s en 1 d
- e3 Cornelis Hendrik ~ 9.9.1787 x Graaff-Reinet (GR) 12.9.1813 Maria Catharina AUCAMP xx GR 1.11.1829 Maria Elizabeth HERBST : 5 k nl. 4 d en 1 s
- e4 Anna Maria Sebastina ~ 31.10.1789
- e5 Margaretha Magdalena Maria ~ 25.8.1793 x huwelikshof GR 24.8.1811 Sybrand Johannes VAN DYK
- d2 J.E. Davel xx 17.7.1796 Anna Geertruyda MEYER
- d3 **Floris Johannes** ~ Stb 2.10.1763 , burger Swd x 26.4.1795 Anna Sophia ELOFF ~ Dks 8.1776 (d.v. Zacharias Arend Eloff, a.K.1759 van Gandersheim, Dts x 2.5.1773 Martha Sophia du Plessis 4 k; Zacharias is deur 'n slaaf vermoor 8.1.1778 [Mal 59]) : 2 k nl. 1 d en 1 s:
- e1 Martha Catharina ~ Swd 19.2.1797
- e2 Cornelis Jan Johannes ~ Swd 17.11.1799
- d4 **Anna Maria Elisabeth Catharina** ~ Stb 27.4.1766 j x 6.7.1788 Sebastiaan SIEBENBEUTEL \* Moost by Wurtzberg, matroos. Hul gesamentlike testament is 25.1.1791 opgestel deur aktesekretaris Willem Stephanus van Ryneveld met vermelding dat hul kinderloos en die testatrixe "ziekte bedde leggende echter by vollen verstande en gebruik van sinnen" was [Nars 7/1/44 (38)].  
 Wed op 31 j xx Stb 25.6.1797 Johan Andreas Albert CARLINGSHUN \* Gerlachsheim, Dts 1763

- c8 Wed Catharina Zaayman xx Jurgen SMIT(H) v. Hije, Denemarke, een van verskeie Smit stamvaders en 'n haakbusskieter : 1 s ~ 3.10.1772 *Opmerking: Geen verdere Zaaijman afstammelinge van hierdie tak kon uit die kerkregister van Swellendam opgespoor word nie [Sar]*
- c9 **Christiaan** \* Stb 29.1.1731 ~ 25.11.1731, woon vanaf minstens 1752 -1761, ongetroud met 'n perd, geweer, pistool en degen te Drakenstein, maar is in 1773 terug te Stb [Her].




Fig.17(a): Swellendam in 1776 volgens Schumacher [Coo 4]




Fig.17(b) :Swd-2 : Swellendam Drostdy in 1815 deur die botanis Burchell getekken [Coo 6-7]



Fig. 18: Landros Harry Rivers na wie Riversdal vernoem is



Fig. 19: Die gerestoureerde Drostdy tans



Fig. 20 : Die NG Kerk Swellendam 1911



Fig. 22 : Die NG Kerk te Heidelberg




Fig. 21 : Swellendam huidiglik met die Langeberge op agtergrond (John Warner)

**6. VIERDE GESLAG :**  
**KINDERS VAN C3 : BARTHLOMEUS ZAAIJMAN EN ANNA VAN**  
**BILJON TE STELLENBOSCH EN SWELLENDAM**

[Dev, Mul, Sar, Zae]

- d1** **Anna Maria** ~ Stb 6.1.1743  
x Stb 6.9.1761 Jan KOSTER van Amsterdam, Ndl : 2 k nl. 1 s en 1 d [Gisa (4) 420] :
- e1** Bartholomeus Johannes \* 27.6.1762
- e2** Anna Regina ~ 12.6.1762  
xx Dks 1.2.1767 Hendrik VAN VREEDE / VREDEN \* Amsterdam 1739 † 1824 op 85 j :1 d :
- e3** Johanna Maria x 19.11.1797 Jan Gabriel VERMEULEN [Mal 240] ( ? k.s Jan Willemsz Vermeulen a.K. 1684 van Utrecht, Ndl x 7.11.1694 Catharina Opklim: 6 k [Mal 243])
- d2** **Johanna Regina** ~ Stb 15.8.1745  
x Stb 5.9.1762 Steven VAN BRUIJNSWAARD van Leiden, Ndl : 2 k [Mal 226; Coo 5] :
- e1** Bartholomeus ~ 17.7.1763 x 2.10.1785 Alida VAN NIEUWHUYZEN
- e2** Johanna Regina ~ 23.1.1770
- d3** **Pieter Daniel** ~ Stb 16.4.1748
- j2 Petrus Johannes \* 13.11.1930 ~ Msb 6.5.1931
- j3 Alexander Johannes \* 31.11.1936 ~ Msb 18.4.1937
- j4 Johannes Nicolaas \* 8.1.1938 ~ Msb 6.7.1938
- k? **Michael Andre** ? \* 29.9.1893 † Hermanus 10.11.1975 op 82 j? as wew van Harmony Ave 27 Ω Rvd; Clanwilliam x Helga REINKE : 2 k nl. 1 s en 1 d oor 3 j gebore :
- l1 France Godfried Willem \* 30.12.1979 ~ Rvd-Wes 7.12.1980
- l2 Eloise \* 21.2.1981 ~ Rvd-Wes 3.5.1981
- i? **Nicolaas** Mattheus x Maria Magdalena CRONJE : 1 s :
- j1 Pieter Christiaan \* 2.12.1925 ~ Rvd 25.2.1926
- i? **Petronella Hendrika** Zaayman x Cornelius Gideon DE JAGER : 1 d :
- j1 Petronella Hendrika \* 21.6.1934 ~ Grg 31.3.1934
- e? Petronella Sophia x Johannes Hendrik SCHOEMAN : 1 s :
- f1 Stephanus Johannes \* *Olifantsrivier*, Grg 25.3.1819 ~ Grg 20.4.1820
- j? **Petrus Johannes** x Maria Karina CRONJE van Kuilsrivier, Kps : 1 d :
- k1 Susara Cecilia Elizabeth \* 4.2.1973 ~ Rvd 8.7.1973
- e? **Philippus Cornelis** x Anna Magrietha SNYMAN : 1 d :
- f1 Isabella Margaretha \* Kafferkuilsrivier, Swd 2.7.1813 ~ Grg 3.4.1814
- h? Philip Rudolph x Catharina Elizabeth HONIBALL : 1 d :
- i1 Rosina Arabella \* 4.12.1888 ~ Rvd 13.1.1889

- i? **Salome Dalena** \* Uth 1913 h/v van Malherbestr 43, Paarl op 32 j x Msb 8.12.1945 George Frederik VERMAAK op 48 j \* 1897 , grofsmid Msb; hy xx Festa Magdalena ZAAYMAN : 1 d :
- j1 Festa Dences \* 13.8.1948 ~ Msb 7.11.1948
- j? **Susanna** x William Francis MARTIN : 2 d oor 4 j gebore :
- k1 Yvonne \* 18.1.1954 ~ Ohn-W 2.5.1954 (get: Philip van Niekerk Zaayman & Sheila Toff)
- k2 Lorraine \* 26.5.1957 ~ Ohn-W 1.9.1957
- e? **Susanna Jacomina** x George Frederik CRONJE : 1 s :
- f1 George Frederik Jacobus \* 28.3.1826 Swd 14.7.1826
- k? **Susarah Adriana** x André Johann MOOLMAN : 2 k nl. 1 s en 1 d oor 6 j gebore :
- l1 Barend Daniel \* 11.8.1977 ~ Parowvallei-Wes 2.4.1978 (na Rvd 16.1.1990)
- l2 Agatha Catharina \* 3.9.1982 ~ Rvd 14.11.1982 (verlof Parow-Vallei)
- j? **Susarah Susanna Maria** \* Abt 1937 , tikster op 18 j x Msb 7.10.1955 Thomas Charles STEVENS op 24 j \* Msb 1931, begrafnisondernemer, Msb : 1 s :
- k1 Leon \* 30.7.1958 ~ Msb 2.9.1958
- k? **Tertia** x Christiaan Frederik VERMAAK, Bothasrus : 1 s :
- l1 Divan \* 22.11.1982 ~ Rvd 6.3.1983

## 23. STATISTIESE GEVOLGTREKKINGS

**Bevolkingsaanwas:** Die groei in afstammelinge van Daniel Zaaijman en Piaternella van Meerhof soos in hierdie (natuurlik nie volledige) register aangeteken, word oor drie eeue en 13 geslagte (kodes a-m) in Fig. 57 geïllustreer :




Fig. 57 : Die aantal Saaymanafstammelinge vir elk van dertien geslagte in hierdie register

Alhoewel hulle arm en relatief jonk oorlede is, sou die stamouers inderdaad trots kan wees op die menserykdom wat hulle in hierdie land tot stand gebring het ! Duidelik blyk die geleidelike eksponensiële aanwas in getalle tot 'n maksimum by die neende geslag (kode i) wat strek oor die tydsoorgang van die 19 de na die 20 ste eeu. Weens die moderne tendens van kleinerwordende gesinne, volg daarna negatiewe groei oor die tiende tot dertiende geslag (nog nie afgehandel nie). Die huidige monstergrootte bevat benaderd ewe veel afstammelinge met Saaymanvanne as ander (aangetroude) familiename. Soos dit Moeder Natuur behaag, is daar in totaal ook omtrent eweveel manlike en vroulike (49.7% en 50.3%) gebore.

Hoe verteenwoordigend is die hierdie register van die hele land se huidige Saaymans ? 'n Groewe skatting kan gemaak word deur die totale getal telefoongidsinskrywings (1229) met die huidige gemiddelde gesinsgrootte (2,5: kyk verderaan) te vermenigvuldig, wat sowat 4 keer meer is as die j-m kodes in hierdie register aangeteken.




Fig. 58 : Die aantal kinders per gesin gebore oor die afgelope drie eeue

**Geboortes:** Fig. 58 toon die aantal kinders van 1131 gesinne oor drie eeu gebore. Die algemene gemiddelde is 3,8 kinders per egpaar oor 'n gemiddelde tydsverloop van 11 jaar verwek, dus 'n kind elke 2,9 jaar. Word die data van die afgelope drie eeu apart ondersoek, blyk dit dat die gemiddelde aantal kinders meer as halveer het van 5,6 en 5,7 vir die 18 de en 19 de eeu, tot 2,5 vir die 20 ste eeu.

Die meeste Saayman kinders van een gesin in hierdie register is die 17 van e7: Cornelis Michiel by drie eggeneotes oor 28 jaar vanaf 1891 tot 1918 verwek, terwyl Daniel Jacobus Steyn 'n rekord (?) 21 kinders by twee eggeneotes (die eerste e8f7 : Elsje Amerentia Saayman) oor 34 jaar van 1851 tot 1884 gehad het. Vir 'n enkele moeder is die maksimum 16 kinders in geval van e3f3g6h1: Johan en Anna Margaretha Kasselman aangedui. Die kinderkrytyd het soveel as oor 33 j gestrek in geval van e3f6g9h1: Magdalena Johanna Gertruida, wat minstens 10 kinders vanaf 1905 tot 1937 in die lewe gebring het, die jongste toe sy reeds 51 jaar oud was ! Veelvuldige geboortes blyk relatief skaars te wees onder die Saaymans, slegs 14 per 1000 is aangeteken nl. 29 tweelinge (6 manlik, 7 vroulik en 16 gemengd) sowel as 'n dogterdrieling e3f3g8h8i2j3k1-3 van 'n Kaapse wynmaker Saayman en sy eggeneote.

**Voorname:** In Tabel 2 is die mees algemene doopname in hierdie register alfabeties gelys met 'n rangorde (R) volgens voorkoms (aantal verwysings N met rekenaar edit/find getel) en oudste voorsate ook aangedui:

TABEL 2: GEWILDSTE VOORNAME

MANLIK	N	R	OUDSTE	VROULIK	N	R	OUDSTE
Abraham	79	17	b4c1:de Vries,Mau	<b>Anna</b>	306	8	c3:van Biljon 1624-1795
Barend	65	21	b5c7:1726,Dks	Anna Margaretha	81		d5e2f7:Oosthuizen 1812
<b>Bartholomeus</b>	<b>186</b>	<b>8</b>	b5:Koopman,oupa :	Anna Maria ↔	34		b5:Koopman 1690-1742
			c3:1717-1765,Stb	Aletta	185	9	c3d4 x Vlotman 1749
Benjamin	103	13	kyk D.B.	Aletta Cecilia	33		e3f9g:Beneke 1835
Bern(h)ardus	80	16		<b>Catharina</b>	327	7	a se ma; b1x Diodati 1679
Bern. Lambertus	49		c3:v.Biljon; oupa v.	Cecilia	57	19	e3:v.d. Vijfer 1783-1859
			d5:1752	Christina	32	22	d5e7:Reinhardt 1790
Christiaan	75	18	b8:1708,Mau	<b>Elizabeth</b>	359	4	b1c1:Diodati c.1696
Christoffel	63	22	e3f1g3:1834,Rvd	Eliz. Anna ↔	35		b3c3:Bockelenberg 1702
Corneli(u)s	185	9	c8:1728:Dks	Emmerentia/Amb	66	18	e8:Oosthuizen 1794-1853
<b>Daniel</b>	<b>240</b>	<b>3</b>	a:stamvader v. Ndl	Francina	47	21	b5c6 x Harmse
David/ Dawid	88	15		Gertruida	99	16	kyk G.J.O
Dawid Benjamin	48	24	e3f3:J.v.Rensb.,oupa:	Gertr. Johanna↔	44		d5:Willemse 1752-1840
			g8:1845-1906,Rvd	Helena	111	14	e3f14:v. Wyk 1826-1898
<b>Frederi(c)k</b>	<b>192</b>	<b>7</b>	g8:FSJdeJager,oupa:	Hester	137	13	e3f11 : J v. Rensburg 1831
			h3:1875-1940,Rvd	Isabella	48	20	e11f1g5:Potgieter c. 1854
<b>Gerhardus/Gert</b>	<b>203</b>	<b>6</b>	e3f14:1823-1916,Swd	Jacoba	145	11	c5d3:Pelser 1745
<b>Hendrik(us)</b>	<b>219</b>	<b>4</b>		<b>Johanna</b>	<b>515</b>	<b>2</b>	c3d2 x v. Bruynsw. 1745
Izak/Isak	88	15	e3f4:1806-1867,Rvd	Joh. Catharina↔	54		c8d2e1 x Davel 1781-1860
<b>Jacobus (Koos)</b>	<b>418</b>	<b>2</b>	d6:1755,Stb	<b>Magdalena</b>	<b>368</b>	<b>3</b>	b3 x Bocklenb. 1683-1704
Jacob.Johannes	68	19	e3f3g10:1856-1934	<b>Maria</b>	<b>599</b>	<b>1</b>	b4 x de Vries 1683-1713
Jan	157	10	e3f10:1816,Swd	M. Elizabeth ↔	68		e3f11g3:Kleynhans1858
<b>Johannes</b>	<b>827</b>	<b>1</b>	b7:1704,Mau	M. Magdalena↔	121		e11:Mostert 1795-1835
Johan. Frederik	66	20	g8h8: 1887-1983,Rvd	<b>Margaretha</b>	<b>344</b>	<b>6</b>	b4c3:du Plooy 1710
Mattheus/Matthys	142	11	d5:Willemse;e5:1784	Martha	101		d5e4:Terblans 1788-1862
Petrus/Pieter	74	18	a:v.Meerhof, oupa v.	Piternella	17		a:van Meerhof 1663-1913
			b5:1686-1749	Petronella	178	10	b3c1:Bocklenberg 1698
Phillipus	91	14	e3f11g3:1844,Rvd	Sara(h)	70	17	d5e2f2:Oosthuizen 1801
Steph/fanus	125	12	e4f13:1834-1909,Und	<b>Susanna</b>	<b>350</b>	<b>5</b>	e5:Cronje1791-1858
<b>Willem/Wilhelm</b>	<b>213</b>	<b>5</b>	c5d6:1759,Stb	Sofia/ Sophia	140	12	d3:Eloff 1776
<b>R: rangorde</b>	↔ : ook omgekeerde volgorde			Wilhelmina	104	15	d5e9f1:v.d.Vyver1813

Hierdie name is oorwegend Bybels, 'n Christen-Afrikaner gebruik wat oorwegend gedurende die eerste nege geslagte (a-i) gevvolg is en van geslag tot geslag oorgedra is. Die oudste seun is na die oupa aan vaderskant vernoem, die oudste dogter na die ouma aan moederskant, ens. Daar is swaar gedra aan tot soveel as ses voorname, sodat eenvoudiger noemname dikwels die doopname vervang het. Wanneer baie kinders die familienaam "opgebruik" het, het heldeverering uitkoms verleen (bv. Piet Retief by e3f3g6h1i16; ZAR pres Kruger vernoem by e3f14g10h9 en e8f5g7h10 tydens die ABO en e7f9g6h2: Kalvijn Luther). E3f7g3h1i1ji: Willem Mattheus moes van operamusiek en gewere gehou het, want hy het sy vierde kind Aida Mauserina laat doop! Opvallend blyk uit hierdie registers dat vanaf die tiende geslag (kode j) afgewyk word van die tradisionele naamgewing deur 'n wyer verskeidenheid van naamkeuses, dikwels samestellings van dié van die ouers en grootouers, en beperk tot net een of twee voorname. Die mees gewilde seunsnaam in hierdie register is Johannes, gevvolg deur Jacobus en Daniel, vernoem na die stamvader. Die gewildste drie dogtersname blyk te wees Maria, Johanna en Magdalena. Op Riversdal was daar aan die begin van die twintigste eeu 'n probleem om te onderskei tussen die baie Bart Saaymans volgens die plaaslike koerant, S.W. Echo van 1963. Spesifikasies soos Lang Bart, Kort Bart, Bart Slagkop, Bart Jood, Engelse Bart, ens. moes uithelp. 'n Grappie het hieroor ontstaan:

Bart Saayman 1 : *Bartjie het jy nie my Bartjie gesien nie ?*

Bart Saayman 2 : *Nee Bartjie. Maar ek dink my Bartjie en jou Bartjie is by Bartjie se Bartjie.*




Fig. 59 : Die ouderdomme van egliese tydens hul huwelik

**Huwelike:** Fig. 59 vergelyk die beskikbare ouderdomme van egpare. Die bruide se ouderdomme wissel van so jeugdig as 12 jaar (kyk b3c3: Anna Elizabeth Bockelenberg, kleindogter van die Zaaijman stamvader asook e3f8g7: Maria Amerentia van Buffelsdrif) tot 'n "jongedogter" van 60 j (e3f3g8h4i3: Anna Magrietha van Heuningfontein) wat uiteindelik met haar skoolliefde (toe reeds wewenaar) getrou het. Die bruide se gemiddelde trou-ouderdom van 22,7 j is 4 jaar minder as die van die bruidegoms. Oor die tydsverloop van die afgelope drie eeue, het die gemiddelde van die bruide met 2 jaar toegeneem tot 23,7 j en afgeneem vir die bruidegoms, ook met 2 j, tot 27,1 j vir die huidige i-l geslagte.

In die oorgrote meerderheid van huwelike (80%) was die bruidegom ouer as die bruid, in 8% gevalle binne 'n jaar ewe oud en in 12 % gevalle was die bruid haar eggenoot se senior in jare, tot soveel as 23 j, 'n neiging wat in die moderne tyd blybaar aan die toeneem is. Die grootste gaping in ouderdom (59 j) van huweliksmaats aangeteken, is die van e3f3: Bart (Jood) Saayman wat soos die spreekwoordelike "oude bok lust een jonge blaartje" op 76 jaar in sy derde huwelik met 'n sewentienjarige afgehaak het. Ongelukkig het hierdie verbintenis korter as twee jaar geduur, toe hy voor die geboorte van sy laaste en twaalfde kind, oorlede is. Beide hul twee kinders is as kleuters oorlede. Van die gelyste egliese het 9 % 'n tweede keer (op gemiddeld 49 en 51 j) en 1 % ook 'n derde keer (op gemiddeld 58 en 61 j) getrou.

Weens gebrek aan inligting oor die huwelikstatus van meer as die helfte van die gelyste persone, kan afleidings oor hoeveel ongetroud gebly het, nie gemaak word nie. Op 'n positiewe noot blyk dit dat Saayman egpare oor die algemeen die speekwoordelike sak sout saam opeet totdat die dood hul skei, want die getal egskeidings raak eintlik maar net opvallend by die huidige jte en kte geslagte en is met 1 uit 14 huwelike baie laer as die landsgemiddeldevan 1 uit 5,6 vir 2005 (*Die Burger*, 15.1.2007).

TABEL 3 : DIE ALGEMEENSTE AANGETROUDE FAMILIENAME (32% van aangetroudes)

VAN	G	R	a.K	N	STAMOUERS [Gisa; Mal]
Cronje^	36	5	1698	F	Pierre (1671-1718) v. Normandië x Susanna Taillefert (F) † 1724 (wed J. Garde) : 6 k
Fourie	30	6	1688	F	Louis Fourie / Florit, woon Dks x 1693 Susanna Cordier (F) xx 1716 Anna Jourdan (F, later Jordaan) : 21 k
Geldenhuys	14	15	1661	D	Albert Barends Gildenhuisz v. Westfale, as matroos, 1661 vryburger, boerkneg x Margaretha Hoefnagels(N): 9k k k
De Jager^	44	3	<1696	N	Pieter Christiaen v. Zutphen † 1715 x Kps 1696 Hermina Karels : 8 k xx 1714 Adriaan Gerritsdg : 9 k
Kleynhans	14	15	1747	D	Theodorus v. Wagenfeld, wamaker dist Swd x Paarl 1754 Maria Sophia Volschenk (Noorweë): 12 k
v.d. Merwe	17	13	1660	N	Willem (s.v. Schalk) v. Oud-Beijerland x Kps 1668 Elsje Cloete v. Keulen (D) : 13 k
Nel^	21	10	<1690	F	Guillaume Neel (1663-1734)v. Rouaan, klere-maker Stb x 1685 Jeanne de la Batte (F) * Loire 1663 : 6 k
Olivier	23	9	1661	N	Hendrik Corneliszoon v. Ouwerkerk, boer Tygerberg x Kps 1677 Beatrix Guiberthe Verwey (N) : 8 k
Oosthuizen^	50	2	1658	N	Johannes Oosthuizen v. Weert, woon te Drakenstein x 1691 Johanna Maartens (N) : 7 k
J.v.Rensburg^	65	1	1705-8	N	Claas Janz v. Rijnsburg v. Leiden (1661-1728) x Stb 1708 Aaaltje van der Merwe (d.v. Schalk & Elsje): 13k N)::13k k : 7k
Saayman	20	11	1669	N	Daniel Zaaijman(1650-1714) v. Vlissingen x Mau1677 Piaternella van Meerhof (Deens/ K)(1663-1713) : 8 k
Smit	21	10	1688	N	Johannes (Jan) v. Maastricht (1652-1696 in bakleiry) x Delft 1681/7 Adriana Tol (N) ~1649 : 7 k
Steyn^	24	7	1668	N	Douwe Gerbrandt v. Leeuwarden, messelaar, 1886 kerkhofopsiener Stb † 1700 x 1685 Maria Lozee : 8 k
Swart	19	12	<1692	N	Johannes v. Waterland (1646-1718), sieketrooster x Ndl Margaretha Klaasdogter Coen(Coerie) : 3 s
Terblanche	14	15	1699	F	Etienne v. Toulon x 1713 Martha le Febre (F) : 4 k
Du Toit	14	15	1686	F	Francois v. Ryssel x 1690 Susanna Seugnet (F) : 9 k
Van Tonder	16	145	1700	D	Andreas Cornelis v. Tonderen x .1711 Cornelia Vry (N) : 9 k
Volschenk	16	14	Noor		Evert Jansz v. Frederikshald x 29.6.1732 Sara van Graan (N) : 6 k
Van der Vyver	20	11	1714	N	Willem v. Haarlem x 1718 Eliz Bastiaanse (F) xx 1726 Maria Vivier (F) : 6 k
Van Zyl	38	4	1691	N	Willem v. Haarlem *1666 x N Christina van Loveren v. Amsterdam (N) : 8k
Van Wyk	24	8	1677	N	Adriaan Arie v. Amsterdam x c. 1693 Cornelia Helm (K.) : 9 k

^ Kyk Bylaag 1 vir tabelle van verwantskap met die Saaymans

G = geteldes R = rangorde N = nasionaliteit nl. Duits, Nederlands of Frans

**Aangetroude familiename :** Van die 1672 bekende aangetroudes in bogaande Saayman databasis, is 530 verskillende familiename geïdentifiseer. Die 21 mees algemeenste hiervan, wat 32% van die aangetroudes verteenwoordig, word in Tabel 3 hierbo aangegee met hul stamoorsprong ook aangedui. Dit blyk dat die gewildste Saayman huweliksmaats die Janse van Rensburgs (3.9%) is, gevvolg deur die Oosthuizens (3.0%), de Jagers (2.6%), van Zyls (2.3%), Cronjes (2.2%), ens. Bylaag 1.6 duisend 33 (19 manlik en 14 vroulik) egverbintenis van Saaymans met Rensburgs aan. Die baie Dawid Benjamins onder die Saaymans van *Platkop* en *Soetmelksrivier*, Riversdal (beginnende by oupagrootjie e3f3g8 van [Sar]) kom oorspronklik van B1C2D14 : David Benjamin J. v. Rensburg (1780-1845) van *Zoutpan* en *De Draai*. Bart (*Slagkop*) Saayman (e3f4g1h12) van Albertinia is agtereenvolgens met twee dogters van Pieter (*Rietvlei*) J. v. Rensburg getroud, terwyl twee van sy seuns i3 en i6 sowel as sy suster, h13: Susara Cornelia ook met van Rensburgs in die eg getree het. Die *Rietvleitak* van die Rensburgs is nagevors deur [Ren]. Die gesin van C2D14E4F4: Adriaan Francois J.v.Rensburg en e3f7g7:Anna Sophia Saayman getuig van die ywerigste "gevry met die voete" in woorde van [Dum] oor die *Kafferkuilsrivier* tussen die Saaymans (deuskant) en die Janse van Rensburgs (anderkant), met resultaat : ag egverbintenis!

Drie kinders van e5: Mattheus Saayman en Susanna Elisabeth Cronje nl. f6, f8 en f12 is met J. v. Rensburgs getroud, 'n suster, neef en broer. Die register bevat ook twee gelyknamige egpare van dieselfde tydvak : Jacobus Hendricus Saayman getroud met Anna Margaretha Sophia Fourie nl. neefs e3f8g5 van *Scholtzkraal* (x Rvd 1869 : 6 k) en e3f11g4 van *Zoutpan* (x Rvd 1870 : 6 k), wat probleme verskaf om hul kinders korrek te koppel. Die Saay-“manne” het hulle ook met 19 ander verskillende “manne” verbind – van Ackerman tot by Zietsman, op die Land, 'n Vlot of 'n Kas(sel), by die Beuk, in die Bos of in die Veld, aan die Wei(de) of aan die Sny , met of sonder Schoe(ne) .

**Ondertrouery :** Weens die geografiese isolasie en dun bevolking op die Suid-Kaapse platteland, was ondertrouery nie ongewoon nie, veral gedurende die 19de eeu. In die geval van die huidige databasis beloop dit 2.4 % nl. 20 huwelike onderling tussen Saaymans, asook 10 tussen Saayman bruide en seuns van Saaymanvroue asook 10 tussen Saayman bruidegomme en dogters van Saaymanvroue. Van die 35 bekende verwantskappe is 14 neefs en niggies, 7 kleinneefs en - niggies, 4 agterkleinnefs en - niggies en 10 agteragterkleinnefs en -niggies, met gemiddeld 5 kinders per huwelik. Die voorkoms van genetiese afwykings in die nageslag is slegs bekend in een kn-geval, waar twee van die nege kinders gestremd was. Twee seuns, g1 en g4, van e3f1: Bernhardus Lambertus was met twee dogters van sy broer e3f7: Mattheus Wilhelmus Johannes getroud. Drie seuns, h1, h4 en h6, van e3f3g8: David Benjamin het met drie Nel susters getrou, wat ook hul kleinniggies was.

**Nasionaliteit:** Die meegaande staafdiagram toon die Europese oorsprong van die 1672 Saayman aangetroudes. Duitse bymenging blyk dominant te wees (ook by wyse van 239 van die 530 verskillende vanne), met Nederlands-Belgiese bloed kort op die hakke. Die Franse toevoeeling is hoofsaaklik weens die Hugenote vlugtelinge van c. 1688 o.a. die vanne Cronje, Fourie, Nel, Terblanche en du Toit, maar het gou verhollands weens die VOC se taalbeleid. Die 8% Engelssprekende komponent is hoofsaaklik te danke aan die Britse setlaars van 1820, veral die vanne Painter (x6) en Scott (x7). Die 3 % Skandinawiese “kersie op die koek ” is slegs beduidend in die Noorse van Volschenk, beroemd vir hul artistiese talent te Riversdal. Die inheemse afkoms afkoms van die Saayman stammoeder, Piternella van die Kaap, is prominent uitgelig deur twee onlangse historiese romans [Mat en Sle], maar is te vind in die meeste




Fig. 60 : Oorspronklike nasionaliteit van Saayman aangetroudes

Afrikaanse families, soos [Hej] aangetoon het. Dit is miskien die noodsaaklike "tikseljtjie sout" in die smeltkroes wat ons Saaymans se aanspraak as "wit Afrikane" (asook op Robbeneiland ?) bevestig. Dit is net hartseer dat so baie van ons kinders en kleinkinders (minstens 24 aangedui in hierdie databasis) huidiglik na beter lewensomstandighede in die buiteland uitwyk. Hierdie emigrasie het reeds voor 1908 met e3f1g10h1: Bernhardus Lambertus Saayman \*1872 begin, "who left for Australasia and has not been heard of since" volgens [NARS 6/9/604].




Fig. 61 : Die beroepe van Saaymans en hul aangetroudes persentasiegewys

**Beroepe:** Die tertdiagramme in Fig. 61 illustreer die beroepskeuses bekend in die geval van 28% van die inskrywings in hierdie register oor al twaalf geslagte heen. Soos verwag word, vorm boere en "huiswerkers" (in die terminologie van die destydse huweliksbevestigers), die grootste porsie. Indien oor drie eeuue teruggekyk word, was daar egter 'n drastiese afname in die porsie boere (18 de : 88%; 19 de: 85% en 20 ste: 37%) gepaardgaande met die industrialisasie en kommersialisasie van Suid-Afrika die afgeloepde eeu (veral na die Tweede Wêreldoorlog) , wat 'n groot verskeidenheid van nuwe beroepe geskep het, ook vir die vrou buite die huis. Huidiglik kan slegs 9% Saaymans in die letterlike sin van die familienaam as landbouers in die telefoongidse van S.A. uitgeken word. In Bylaag 2 is 88 plase waarop Saaymans en hul aangetroudes geboer het, alfabeties gelys en diagrammadies op landmeterkaarte van 1850 in die geval van Riversdal se distrik aangedui. Hierdie plase was aan weerskante van die Kafferkuilsrivier (tans Goukou) gekonsentreerd asook langs die kus na Gouritsrivier. Die langste familielynboere is 7 geslagte te *Soetmelksrivier* (e3:Bart tot tans e3f3g8h8i1j2:Langenhoven) en 5 geslagte te *Klipfontein* (d5: Bermhardus Lambertus en e3f11: Petrus Johannes), *Kruisrivier* (e3f7: Mattheus Wilhelmus Johannes), *Platkop* (e3f3g8: David Benjamin tot tans g8h1i8j3i1 :Artho en Jac), *Rietvlei* (Bart) en *Ystervarkfontein* (e8:Daniel Gerhardus Johannes).

Wat ambagte betref, het die Spoorweë die meeste werkers getrek (30 gelys) terwyl sowat 8 mans in die voetspore van die stamvader en sy seun Pieter as timmermans en kuipers gevvolg het. Gesondheidsorg met sterkste komponent 24 verpleegkundiges, was reeds vanaf die stammoeder se dae op Mauritius waar sy siek matrose versorg het, 'n vroulike liefdesdiens. Die sakewêreld het ongeveer ewevelle mans (m) en vroue (v) gelok, veral as bank-, pos- en ander klerke (40 vroue gelys) asook 16 rekenmeesters en ouditeure. 'n Saayman was bestuurder van rooibostee en 'n ander van 'n dadelprojek in Namibië. Een verkoop bakkies in die Strand, 'n ander trekkers op Reitz in die VS. Wat akademies-opgeleide professies betref, is 22 m en 57 v onderwysers; 4 m en 1 v universiteitsdosente; 15 m en 8 v medici; 19 m ingenieurs; 4 m en 9 v sielkundiges en maatskaplike werksters; 6 m en 3 v predikante en sendelinge; en 7 m en 1 v prokureurs geïdentifiseer. Engelse Bart Saayman (e3f3g9) van Rvd en Abt was bekend vir sy slim kinders, waarvan een o.a. registrator van Grey Kollege te Bfn geword het en 'n ander as wiskundige filosoof op 'n stadium met Albert Einstein saamgewerk het [Sah]. Laastens is en word ons land beveilig deur 25 polisie, 21 soldate en 11 vlieëniers uit hierdie familieregister.

**Leeftye:** Fig. 62 toon die verdeling van die 666 bekende leefouderdomme (54% manlik en 46% vroulik) van hierdie Saayman register oor tien jaar intervalle. Die groot aantal kindersterftes links is opmerklik. 'n Hartseergeval is die van e3f3g7h2 : Bart en Martha Kasselman wat albei hoë ouderdomme bereik het, maar 8 van hul 13 kinders as babas en kleuters tydens die oorgang van die 19 de na die 20 ste eeu verloor het, moontlik weens genetiese probleme (die ouma aan moederskant was ook 'n Kasselman). Meer as die helfte (54%) van die sterfgevalle regs het ouer as 60 jaar geword. Die meridiaan is 66 jaar maar die gemiddelde 10 jaar minder, weens die kindersterftes. Alhoewel dooddoorsake nie spesifiek nagevors is nie, blyk longprobleme soos asma en sistiese fibrose, asook kanker dikwels onder die Saaymans voor te kom, terwyl motorongelukke (12 gevalle aangeteken) ook sy tol geëis het in 'n land met swak padveiligheids-toepassing.

Die oudste aangetekende leeftyd is die 103 j van e3f1g1h2i10 : Grieta Saayman (1902-2005) wat haar tuiste te historiese Zeekoegat, Riversdal vir die "gesonder" Hartswater verruil het, waar haar tweede eggenoot Fanie Gouws ook 97 jaar gehaal het. Haar bekende neef h6i9: Jan Duminy \* 13.11.1904) is na [Sar] se wete tans die oudste lewende Saayman-afstammeling. Drie van sy broers (i1, i3 en i4) het ook oor die 90 jaar geword. In die e3f3g8 tak van Soetmelksrivier is h6i2: Gert Nel (\*25.5.1914) en h8i1:David (\* 26.7.1915) twee op-en-wakker 90 + jarige Saaymanooms om lekker oor die ou familie mee te gesels.

In 281 en 251 gevallen respektiewelik, kan die sterfdatums en -ouderdomme van egpare vergelyk word. Daaruit blyk dat gedurende die 19 de eeu (geslagte e - h) daar ongeveer eweveel wewenaars en weduwees was, maar in 59% gevallen het die mans ouer as hul vrouens geword, waarskynlik weens die effek van die baie kindergeboortes op laasgenoemdes se gesondheid. Gedurende die 20 ste eeu (geslagte i-l ) het die situasie egter drasties verander met 2 uit elke 3 vrouens wat hul mans oorleef het en 59 % wat ook ouer as hul mans geword het. 'n Verklaring hiervoor is moontlik dat die mans uit "gesonder" boerderybedrywigheude na liggaamlik-passiewer en stresvoller beroepe beweeg het en gesinne kleiner geword het. Gemiddeld het die vroue in hierdie monster 1,5 j ouer as die mans geword .




Fig. 62 : Bekende leeftye van Saaymans en hul aangetroudes

## BRONVERWYSINGS

- Bal Ball, Richard : *South African Ancestors : the Zaaijman, Bosman, DeVries and Buys families of the Cape* (website :[www.ballfamilyrecords.co.uk](http://www.ballfamilyrecords.co.uk))
- Bul Bulpin, T.V. : *Discovering Southern Africa*
- Coj Cooke, Jennefer : *Zaayman Family* (Family Tree Maker computer code, Jhb 2006)
- Coo Cook, Mary Alexander : *Die Drostdy op Swellendam* (Hersiene Uitgawe 1975)
- Dej De Jager, Bernardus Lambertus (Bernie) van Blaaubergstrand, onderhoud, Jan 2007
- Dev De Villiers, Con G. en Pama, C.: *Geslagregisters van die ou Kaapse Families* Deel I : A-K; II : L-R en III : S-Z (A. A. Balkema, Kaapstad, 1958, 1966)
- Dum Duminy, Jan, *Huis Ou Meule*, Rvd: persoonlike onderhoud, 12.8.2006 op 101 j
- Eks Eksteen, Juria : persoonlike onderhoud, Jan 2007
- Fam FamilyTree.co.za: webblad : *Geslagregister van ou Kaapse Families*
- Fra Fransen, Hans en Cook, Mary : *The Old Houses of the Cape* (A.A. Balkema, Cape Town, 1965)
- Gil Giliomee, Hermann : *Die Afrikaners: 'n Biografie* (Tafelberg, Kaapstad, 2004)
- Gisa Endemann, L.C.P. (dir) : *SA Geslagregisters*: Deel 1: A-C; 2: D-G (1989); 3 : H-I (1992); 4 : J-K (1992); Deel 5 : L-M (1999) ; 6 : N (2001); 7 : O-Ph (2002); 8 : Pi-Q (2002); 9 : Ra-Ron (2003); Deel 10 : Roo-Schn (2004); 11 :Scho-Sny (2004); 12 : So-Sz (2005); 13 : T-U (2006) ; 14 V-W (2007) Deel 15 : XYZ (insl. Zaayman) (2008) @ R360 elk (Genealogiese Instituut van SA, Posbus 3033, Matieland, Banhoekweg 115, tel 887 5070)
- Goo Goosen, ds. Chris : *Kerkkroniek van Riversdal 1839-1889* (N. G. Kerkkantoor, Riversdal)
- Heh Heese, Hans : *Groep sonder Grense* (Protea Boekhuis, Pretoria, 2005)
- Hej Heese, J.A. : *Die Herkoms van die Afrikaner 1657-1867* (A. A. Balkema, Kaapstad 1971)
- Her Heese, Hans : rekenaardatalyste oor Kaapse grondeienaars ( US Argief, Stb)
- Heu Heese, J.A.: Die kerk van Uniondale: 1866-1966
- Hog Hoge, J. & C.G. de Villiers : *Bydraes tot die Genealogie van ou Afrikaanse Families* (A.A. Balkema, Amsterdam, 1958)
- Jan Jansen, Ferdie & Elise : *Jansenhuis* (webtuiste: [www.jansenfamilie.co.uk](http://www.jansenfamilie.co.uk))
- Jvr Janse van Rensburg, David Benjamin, Langstr 4, Rvd, persoonlike onderhoud 12.8.2006 op 88 j
- Ler Le Roux, J.G., Niemandt, J.J. & Olivier, M. : *Bewaarders van ons Erfenis-Deel2 : Distrik Stellenbosch; Deel 9: Riversdal en Deel 10: Mosselbaai* ( GISA, Stellenbosch, 2002)
- Mac McDonald, Jan : persoonlike familienavorsing, Port Elizabeth
- Mal Malherbe, Dr D.F. du T. : *Driehonderd jaar van Nasiebou: Stamouers van die Afrikanervolk* (Tegniek, Stb, 1959 ; 3e uitgawe 1966) (oudste oom van e3f3g8h3i8j1: Liebet Saayman)
- Mae Malherbe, Willem Daniel, kultuurhistorikus, Stellenbosch [swaer [Sar]]
- Mat Matthee, Dalene : historiese roman : *Piaternella van die Kaap* (Tafelberg-Uitgewers, 2000)
- Mul Müller, Margie : *Samuel Richard Painter: 1820 Setlaar Nageslag in Suid-Afrika* (Posbus 140, Robertson, 6705, tel: 023-626-2616, Junie 2003)

- Nars National Archives and Record Service of South Africa (Western Cape Branch) Roelandstr 72, Privaatsak X9025, Kaapstad 8000 Tel: 021-466 8100 Faks : 465-2960
- Pam Pama, C. : *Die groot Afrikaanse familie naamboek* (Human & Rousseau, Kaapstad, 1983)
- Paw Pama, C.: Die Wapens van die ou Afrikaanse Families ( A.A. Balkema, Kaapstad, 1959 ) *Herald of SA Families* (1972)
- Par Park, Connie: *Die nageslag van die Hartebeesrivier, Uniondale se Zaay(i)mans 1834-2005* (US Drukkery, Stellenbosch 2005)
- Pre Pretorius : *Our threatened Heritage*
- Ren Rensburg , J.H. van :Van Rensburg manuskrip en *Die Rietvleiers-Die Familie van 'n Tak van die Familie van Rensburg* (Gisa Manuskrip)
- Saa Saayman, Bartholomeus (Artho) en Wilma, plaaseienaars *Platkop* : onderhoud Aug 2006
- Sab Saayman. David Bernardus van Pretoria: telefoon en e-pos kommunikasie, 2006
- Sad Saayman, David, *Huis 166, Palinggat*, Sbi-Wes : persoonlike onderhoud, Okt 2005 op 90 j
- Saf Saayman, Ferdie, Riversdal, *Zeekoegat afstammeling*: persoonlike onderhoud, Aug 2006
- Sag Saayman, Gert Nel, *Huis Jan Lange*, Riversdal : persoonlike onderhoud 7.8.2006 op 92 j asook kinders: Sannie Loffstadt van Bloemfontein en Koos van *Soetmelksrivier*
- Sah Saayman, Donald Harvey, Mieliepap, Hermanus : persoonlike onderhoud 15.8.2006
- Saj Saayman, J.H. (Kosie), *Die Storie van die Saaymans*, Stilbaai 2002 (ongepubliseerd)
- Sak Saayman, Jacobus Abraham (Koos) van Albertinia: e-pos en onderhoud Aug 2006
- Sal Saayman, Langenhoven en Wilna, plaaseienaars *Soetmelksrivier* : onderhoude 2005 en 2006
- Sap Saayman P.v.W. : *Saayman-Familie Reünie op DV 29 Maart 2003 te Meerlus* (ongepubliseerd)
- Sar Saayman, Rikus : persoonlike navorsing in NGK doop-en huweliksregisters te GISA, Stellenbosch, Riversdal en NARSA (Kaapse Argief) 2006
- Sau Saunders, Chris (ed) *Illustrated History of South Africa : The Real Story* (Reader's Digest, Cape Town, 1988)
- Sch Schoonees, Lukas : *Geslagregister van Hartebeesrivier, Uniondale se Zaaymans, 1934-1971*
- Slb Sleigh, Dan ; US magister en doktorale tesis gepubliseerd as *Die Buiteposte van die VOC* (HAUM 1993 en Protea Boekhuis 2005)
- Sle Sleigh, Dan : historiese roman *Eilande* (Tafelberg-Uitgewers, 2002)
- Smu Smuts, Frans (red) : *Stellenbosch Drie Eeue* (Stadsraad, Stellenbosch, 1979)
- Sny Snyman, Magriet en Johan van Pretoria: telefoon en e-pos kommunikasie, 2006
- Sta Webblad: [www.stamouers.com](http://www.stamouers.com)
- Vdb Van der Bijl, J : *Eienaars van Erwe in Stellenbosch , 1693-1860, en Eienaars van Plase in die Distrik Stellenbosch, 1689-1860* (ongepubl. ms, Stellenbosch Museum (Erfurthuis en US Argief, 1963)
- Vob Vos, Hennie N. : *Bloemhof* (ongepubliseerde ms, Stellenbosch Museum)
- Vop Vos, Hennie N. : *Patrijse Valleij*, Stellenbosch (ongepul.ms, Stellenbosch Museum, 2000)
- Vos Vroeë afbeeldings van die Joodse Skuinshuis (Stellenbossiana, nuusbrief van die Stellenbosch Museum, Vol. 16, No.4, Julie 1993)
- Vwk Van Wyk, Frans : *Riversdal 150 jaar 1838-1988* (Nasionale Boekdrukkery, Kaapstad, 1988)
- Zae Zaaiman, Erica : *Nederlandse en Suid-Afrikaanse Zaaiman geslagregisters* (webtuiste: [www.zaaiman.nl/zaaiman\\_en.html](http://www.zaaiman.nl/zaaiman_en.html))

Voorbladfiguur : *The Sower*, Nebraska State Capitol, Lincoln, Nebraska, USA

**BYLAAG 1.1 : SAAYMAN VERWANTSKAP MET CRONJES [Gisa (1) 681-6]**

**A. Stamouers:**

**Pierre Cronje** (1671- 1718) a.K. 1698 saam met broer Estienne (ongetr † 1724) as Franse Hugenote uit Normandië  
x Susanna Taillefert (Fr) † 13.2.1724, wed van Jean Gardé (sy xxx Jacob Naudé) : 6 k nl. 4d & 2s

**B3 : Pierre Cronje ~ 24.9.1713 x 19.5.1741 Susanna Roy : 2 seuns gelys :**

**C3 : Stephanus Cronje ~ 29.1.1747**

x 18.7.1773 Susanna Jacoba Haarhoff xx Kps 1.3.1801 Margaretha de Jager

**2 seuns uit eerste huwelik gelys :**

**D7 : Stephanus Ignatius Cronje**  
~ 22.2.1786  
x Swd 4.1.1806  
Sara Elizabeth Strydom (d.v.J.P.)

**E2 : Stephanus Ignatius Cronje**  
~ 5.8.1810  
x Swd 6.2.1825 Johanna Susanna  
Dorothea Goedhals  
xx Susanna Francina van Rooyen

**F ? : Stephanus Ignatius Cronje**  
x Rvd 1855 2s & 2d  
**e3f8g1 : Hester Magdalena**  
**Petronella Margaretha Saayman**  
\*1836, Hectorskraal  
d.v. Bernhardus Johannes  
Saayman en Maria Amerentia Janse  
van Rensburg  
  
**seun:**

**G? : Stephanus Ignatius Cronje**  
x  
**e3f3g2h3 : Elsie Johanna**  
Margaretha Duminy \* 1857 Novo  
d.v. Christoffel Johannes Duminy  
en **Susanna Johanna Wilhelmina**  
**Christina Saayman**

**D8 : George Frederik Jacobus Cronje ~ 2.11.1790**  
x Swd 7.4.1810 Maria Magdalena Rautenbach  
xx Grg 4.8.1816 Susanna Jacomina Snyman

**E5 : Esaias Renier Cronje**  
\* 7.7.1818 ~ Grg 25.10.1818  
x Swd 16.3.1839 Salomina Abigael  
Sauerman  
**seun:**

**E 9 : George Frederik Jacobus \***  
Swd 28.3.1826  
  
**seun:**

**F? : George Frederik Cronje**  
x  
Cornelia Magdalena ?

**dogter en 2 seuns:**

**C7 : Daniel Cronje ~ 7.12.1755**  
x 5.6.1785 Maria Magdalena de  
Jager xx H. Muller xxx J.J.van Wyk

**D3 : Susanna Elizabeth Cronje**  
(1791-1858)  
x 2.3.1806 : 11d & 3s

**d5e5 : Matthys Zaayman**  
(1784-1867), Klein- Klip- en  
Steenkoolfonteine  
s.v. Bernhardus Lambertus en  
Geertruyda Johanna Willemse, B.  
S.Eredood dogter:

**D3E2: Gertruida Johanna**  
**Zaayman : e5f2**  
x Swd 1833 : 5s & 5d  
**neef e3f6 : Barend Saayman**  
(1810-1893), Heuningfontein  
s.v. Bartholomeus Zaayman en  
Aletta Johanna Cecilia van der  
Vyver

**G? : Johanna Aletta Cronje**  
(1877-1942)  
x Rvd 1896 : 10s & 3d [Sar]  
broers Esaias Rynard(get i8) &  
Christoffel Benjamin (i12)  
**e3f3g8h3: Frederick Stephanus**  
**Johannes de Jager Saayman**  
(1875-1940), Soetmelksrivier

**BYLAAG 1.2 : SAAYMAN VERWANTSKAP MET DE JAGERS** [Gisa (4)]

<b>A: Stamvader: Pieter Christiaen de Jager</b> , Zutphen, Gelderland, Ndl † 1715 [Gisa(4) 52-66] x Kps 19.2.1696 Hermina Karels : 8 k nl. 6s (2 gelys) & 2d      xx15.7.1717 Adriana Gerritsdogter:4k				
<b>B2 : Andries</b> 1695 x 20.9.1726 Elizabeth Potgieter ~ 31.3.1726 : 11 k van 1727-1745 : 3 seuns gelys:		<b>B8 : Lourens</b> ~ Kps 21.11.1717 x 1738 Maria Elizabeth Strydom :9k		
<b>C3 : Pieter</b> ~ 2.6.1731 x 12.5.1771 Elsie Potgieter	<b>C8 : Frederik</b> ~ 31.1.1740 x 14.2.1768 Maria Strydom (? sus.v C9 : Margaretha)	<b>C9 : Christiaan</b> ~ 18.1.1742 x 1770 Margaretha Strydom (wed C3 ?: Pieter de Jager) xx 1773 Jacoba Elizabeth du Preez (wed Tobias v. Schalkwyk): 6s & 2d	<b>C3 : Lourens</b> ~ 8.3.1744 x 1765 Martha Fourie	
<b>D6 : Pieter Christiaan de Jager</b> ~ 25.7.1781 [Gisa(4)57] soek1791 x Elizabeth Cronje * 1792 Einaar Watergat en Swartheuvel	<b>D4 : Frederick Johannes</b> * 1777 <i>moontlike koppeling:</i>  E?: Carel Pieter (1816-1902) Watergat & Swartheuwel x Rvd 1836 Gesina Petronella de Jager (1816-1880) [Ler(9)23]	<b>D3 : Frederick Josephus</b> ~ 24.5.1778 x Kps 1803 : 8s & 3d Martha Hermina de Jager 2 ▼ s	<b>D4 : Lourens de Jager</b> ~ 28.3.1773 <i>Duivenhoksr</i> x 1797 Dina Maria Uys xx Swd 1809 Marg Chris Cronje*1787	
<i>Ongekoppel:</i>  F?: Johannes Isak de Jager x Maria Jacoba NN 1s ▼ 1d	E?: Frederik Stephanus Johannes x Magdalena Alberta Fourie  2d ▼ 1s	<b>E2 : Christiaan Jacobus</b> * 1804/6 ? x 1825 Maria Eliz. van Zyl *1807 Wankoe, Duivenhoksriv [Ler(9)23] 1▼s	<b>E6 : Andries Johannes</b> *1813, <i>Kransfn</i> x Swd 1838:3 s <b>e5f4:Petronella Joh. Saayman</b> * 1811 d.v. Matt. & Sus. Eliz. Cronje	<b>E2 : Cornelis Janse</b> (1800-1861) x Swd 1820 : 4s & 1d Jacoba Elizabeth Christina de Jager * 1802 Einaar <i>Platbos en Zeekoegat</i> ( <i>Krombeksriv</i> ) [Ler(9)23]  1▼ s
<b>G1: Carel Pieter de Jager</b> * 1891 Watergat x Rvd 1918 : 4s & 4d <b>e3f11g3h8 : Maria Elizabeth Saayman</b> * 1900 d.v. Philippus Lodevicus en Maria Elizabeth Kleynhans	<b>F1: Anna Margaretha de Jager</b> \$ (1849-1937) x Rvd 1869 : 5s & 5d <b>e3f3g8: David Benjamin Saayman</b> (1845-1906) <i>Platkop en Soetmelksrivier</i>	<b>F ?: Andries Johannes, Novo</b> x Rvd 1852 : 6k (2 gelys) <b>e3f4g2: Hester Magd Maria Saayman</b> *1835 d.v Isak Bart & Sus. Wilh. J.v.R. 1s ▼ 1d	<b>F4 : Cornelis Janse de Jager</b> * 1827 x Rvd 1851 <b>e11f6: Eliz. Anna Wilh. Saayman</b> * 1830 : d.v Petrus Daniel & Maria Magdalena Mostert	<b>G10 : Bernardus Lambertus de J.</b> (1872-1953), <i>Platbos</i> : <b>e11f6g10</b> x Rvd 1896 : 4d & 3s <b>e3f3g8h2: Magdalena Albertha Saayman</b> (1872-1953) d.v. David Benjamin en Anna Marg d.J. \$
	<b>F2: Susanna Maria Johanna de J.</b> x Rvd 1874 : 5s & 3d <b>e3f7g10: Mattheus Wilhelmus Saayman</b> (1853-1941) <i>Kruisrivier en Soetmelksrivier</i> Oupa van h7i4: Trichard Saayman	<b>G1: Christiaan Jacobus de Jager</b> * 1859 x : 3d & 2s <b>e3f4g1h4: Ambrentia Petronella Catharina Saayman</b> * 1859 d.v. Bart en Christina Hendrina Susanna Scott		

<b>G2: Francina Margaretha de Jager</b> * 1900 <i>Watergat</i> x Rvd 1918 : 2d <b>e3f11g3h7: Philippus Lodewicus Saayman</b> * 1893 b.v. Maria Elizabeth : h8	<b>F3: Frederick Stephanus de Jager</b> <i>De Draai</i> x Rvd 1875 : 7s & 4d <b>e3f7g11: Amerentia Petr. Fred. Jac.Saayman</b> * 1855 d.v. Mattheus Wilh. en Margaretha Susanna Fourie 1 ▼ s	<b>G2 : Hester Maria Magdalena de Jager</b> (1866-1975) x : 10s & 1 d (suster g1h4) <b>e3f4g3h6: Jacobus Hendrik Saayman</b> (1882-1971) 1 ▼ s	<b>H6: Magdalena Bernarda de J.</b> * 1910 : <b>g8h2i6</b> x Rvd 1944: 2d & 1s neef <b>g8h1i1: David Benjamin Saayman</b> (1898-1954), wew. van <i>Platkop</i> , s.v. David Benjamin en Anna Margaretha de Jager \$
<i>Opmerking:</i> <i>Hoofletterkodes verwys na gepubliseerde [GISA] dele, kleinletterkodes na hierdie Saayman register</i>	<b>G3: Frederick Stephanus Johannes</b> * 1881 <i>De Draai</i> x Rvd 1907 : 5 s <b>e3f1g1h3: Francina Johanna Saayman</b> * 1888 d.v. Mattheus W.J. en Johanna Susanna Redelinghuis van <i>Zeekoegat</i> <b>H3: Frederick Johannes</b> *1916	<b>H2 :Andries Johannes Saayman</b> * 1907 :i2 x Rvd 1934 : 6s & 3d <b>Beatrix Susanna de Jager</b> * 1917 d.v Jacobus Lodevicus en Maria Elizabeth Catharina NN	voorheen x Rvd 1923:3d &2s <b>Petronella Francina de Jager</b> (1903-1932 van <i>Reedgrove</i> , Stilbaai

### BYLAAG 1.3 : SAAYMAN VERWANTSKAP MET DUMINYS [Gisa (2)]

**A: Francois Renier Duminy** (1747-1807), s.v Anthoine Lunel van Lorient, Bretagne, Frankryk, Fr vlootoffisier en VOC skeepskaptein  
x Kaapstad 1777 **Johanna Margaretha Notling**, d.v. Benjamin Notling en Johanna Lombard : 1 s & 1 d

**B1 : Francois Anthonie Benjamin Duminy** \* 1785 x Caledon 1814 **Elsie Johanna Lombaard** (1796-1851) : 4s & 6s

**C10 : Christoffel Johannes Duminy** \*1833 boer *Novo*, Riversdal  
x Riversdal 1852 : 4s & 3d

**e3f3g2: Susanna Johanna Christina Wilhelina Saayman**\*1833 d.v. Bartholomeus en Maria Catharina Sophia J.van Rensburg van *Barends Eredood*

**D2 : Francois Anthonie Benjamin Duminy** \* 1854  
boer *Zeekoegat*, Riversdal, x Rvd 1884 : 1d

**e3f1g1h1: Margaretha Susanna Saayman** (1859-1889) ►  
d.v Bart Saayman (1831-1911) en Aletta Cecilia Saayman (1840-1894) van *Zeekoegat*, x x Rvd1890 : 1 s

**e3f7g1h3: Anna Margaretha Sophia Saayman** \* 1865  
d.v Bart Saayman \* 1839 en Magdalena Catharina Petronella van Wyk van *Kruisrivier* en eerste vrou se kleinnig

**D4 : Bartholomeus Saayman Duminy** (1859-1955)

boer *Zeekoegat* en *Novo*, Riversdal x Rvdb1887 :8s & 2d

**e3f1g1h6: Aletta Cecilia Saayman** (1869-1945)

d.v. Bart Saayman (1831-1911) en Aletta Cecilia Saayman (1840-1894) van *Zeekoegat*, jonger sus.v h1: Margaretha Susanna

sus van h8: Jan Abraham Saayman, oupa van i9j1 Jan McDonald van PE en h10: Johannes Frederik, oupa van i1j1:Johannes Ferdie van Rvd  
1 ▼ s

**F? : Frans Izak Duminy** (1926-), boer *Melkboom*, Heidelberg  
x Rvd 1949 : 2s & 1d

**e3f7g8h9i3: Hester Magdalena Saayman** (1926-)  
d.v. Jacobus Hendrikus Saayman en Anna Margaretha Knoetsen

**E9 : Jan Abraham Duminy** (1904-), sekretaris van handelshuis, tans oudste lewende afstammeling, *Huis Ou Meule*, Riversdal : **e3f1g1h6i9**

**BYLAAG 1.4 : E3 : SAAYMAN VERWANTSKAP MET DIE NELS** [Gisa (6) 78-165]

A : Hugenote stamouers:**Guillaum Niel** \* 1663 a. 1690 v. Rouaan, Normandië met vrou en 2 k, skryf Willem Nel 1705, kleremaker en burger Stb, † c. 1734  
x Ndl 3.5.1685 Jeanne (de) la Bate \* Sanow langs Loire-rivier 1663 : 8k

**B 10: Pieter Willem Nel** ~ c. 1704 x 8.4.1725 Aletta van Deventer

**C2: Willem Nel** ~ 10.8.1727 x 19.5.1754 Maria Anna Labuchagne xx 26.7.1771 Petronella Catharina Botha

**D4: Jan Nel** ~ 10.2.1765 x 5.4.1789 Maria Francina van der Vyver xx Swd 5.1.1805 Carolina Beck ~ 4.2.1784 (wed. Jacobus Hoffman)

**E5: Gerrit Petrus Nel** ~ 6.12.1801 x Swd 7.5.1820 Sophia Catharina Vrey

**F1: Johannes Daniel Nel** \* 1821 , boer *Opsoek*, Rvd/Vwd en eienaar *Dwarsrivier* en *Voorbaat*, Swartberg, Rvd / Ldsx Swd 1838 : 5 d en 3 s

**e3f12: Aletta Gesina Margaretha Saayman** \* 1820 d.v. Bartholomeus Saayman en Aletta Cecilia van der Vyver van *Barend Saaymans Eredood*

**G3: Johannes Daniel Nel** (1847-1906)  
x Aletta Agatha Catharina Kleynhans  
(1847-1910) : 4 s en 5 d o.a.

**H2 : Isabella Maria Magdalena** \* 1871  
x (?haar kn e3f11g1h2) **Jacobus H.P. Saayman**  
**H4: Aletta Agatha Catharina** \* 1874  
x **Ignatius Bartholomeus Saayman** (ongek)

**G7@: Gerhardus Petrus Nel** \* 1857

*Barends Saaymans Eredood*  
x Rvd 1876: 3 d en 1 s

neef **e3f7g12: Aletta Gesina Marg. Saayman**  
\* 1858 (d.v. Mattheus Wilhelm Joh. Saayman en  
Marg. Susan. Fourie; sus v. Magd \$) *Kruisrivier*  
3 ▼ d

**G6: Susanna Petronella Nel** (1855- 1886)

x Rvd 1871 : 4 d en 3 s

neef : **e3f1g10 : Willem Daniel Johannes Saayman**  
\* 1846 : (s.v. Bernhardus Lambertus Saayman en  
Elizabeth Johanna Stoffelina Louwrens; broer van .  
Bernardus Lambertus #)  
*Zoutpan en Barends Eredood*

**H? : Johannes Daniel Nel** \* 1866, *Voorbaat*  
x Lds 1886 : 4s & 3d  
**h1 : Margaretha Susanna Saayman**  
\* 1859  
▲

**H1 : Margaretha Susanna** (1877 -1953)  
*Kruisrivier* x Rvd 1895 : 6s & 4 d  
kleinneef **e3f3g8h1:Bartholomeus Saayman**  
(1870-1940)  
*Soetmelksrivier en Platkop*

► **i2 : Gert Petrus Johannes Saayman**  
(1901-1878) onderwyser Vereniging  
x Sarah MOODY : 2 s:

**e3f7g5: Magdalena Albertha Saayman**  
\* 1842 *Kruisrivier* (sus van Aletta in G7 \$)  
x Rvd 1859 :1d (bo)  
**e3f1g4: Bernardus Lambertus Saayman**  
(haar neef en broer van Willem Daniel in G6 #)  
(1835-1872) *Zoutpan*  
xx Rvd 1880 : 2s & 1 d

**Gert Petrus Nel**, Lds s.v Abraham Francois

**H2 : Aletta Gesina Margaretha** (1879-1974)  
*Heuningfontein* x Rvd 1906 : 3d & 2s  
kleinneef **e3f3g8h6 :Jacobus Johannes Abraham Saayman** (1882-1953)  
*Soetmelksrivier en Platrug*

► **i2 : Gert Nel Saayman** (1914-)  
*Soetmelksrivier* x Rvd 1936 : 2s & 2d  
Maria Petronella Roux (1917-1994)

**H3 :Sofia Catharina** (1881-1947) *Heuningfontein*  
x : 7s en 4 d  
kleinneef **e3f3g8h4: David Benjamin Saayman**  
(1877-1959) *Heuningfontein*

► **i5 : Gert Nel Saayman** (1907-1968)  
*Heuningfontein*, ongetrouwed

3 ▲ s  
**e3f3g8: David Benjamin Saayman** (1845-1906)  
x Rvd 1869 Anna Margaretha de Jager (1849-1937)  
*Platkop en Soetmelksrivier*

▲  
vernoemdes na G7

**BYLAAG 1.5 : SAAYMAN VERWANTSKAP MET DIE OOSTHUIZENS** [Gisa (7) 165]

<p><b>A : Stamouers :</b> <b>Johannes Oosthuizen</b> a. 1685 van Weert, Ndl, 1691 Drakenstein x c. 1691 <b>Johanna Maartens</b> v. Grypstek, Ndl :7k</p>		
<p><b>B5 : Jan Hendrik Oosthuizen</b> ~4.11.1714 burger Drakenstein x 23.10.1735 Anna Botha ~ 23.10. 1718 d.v.Willem Botha en Catharina Pyn</p>	<p><i>Ongekop:</i> <b>Gerhardus Johannes Oosthuizen</b> x Helena Catharina ?:5 k x (3kk en 2akk) van <b>e3f7: Mattheus Wilhelm Saayman</b> (1811-1893) en Margaretha Susanna Fourie 5▼ k</p>	
<p><b>C3 : Willem Maarten Oosthuizen</b> ~1.11.1739 x 27.3.1763 Sara Geertruyda Pretorius ~ 7.2.1746 d.v. Wessel Pretorius en Johanna Gouws</p>	<p><b>Frederik Stephanus Johannes de Jager Oosthuizen, Zwartwater</b> x Rvd 1897 :1 s : Gert Johannes * 1899 <b>e3f7g8h4 :Hester Magdalena Saayman</b> * 1877 Modderfontein (nig h6: Susan) d.v. Johannes Frederick Saayman en Hester Magdalena Janse van Rensburg</p>	
<p><b>D1 : Johannes Marthinus Oosthuizen</b> ~1765 burger Graaff-Reinet x 1790 Margaretha Maria Piek ~ 1776 d.v Andre Christoffel Piek en Elsie van Rensburg</p>	<p><b>D3 : Willem Jacobus Oosthuizen</b> * 1774 Melkhoutkraal, Rvd x Kps 1796 : 5d &amp; 5s <b>d5(1)e2 Anna Regina Zaayman</b> * 1778 ▼ d.v. Bernhardus Lambertus Zaayman en Maria Elisabeth Smuts van Stellenbosch</p>	<p><b>Marthinus Jacobus Oosthuizen</b> * 1885 Swartwater &amp; Droevlakte x Rvd 1906: 6d &amp; 4s (o.a. Gert Johannes * 1912) <b>e3f7g10h6: Susanna Maria Joh.Pet.Saayman</b> (1885- &gt; 1983) (nig h5 : Hester) d.v.Mattheus Wilhelmus S.en Sus. Maria Joh.Petr.de Jager</p>
<p><b>E2 : Elsje Emmerentia Oosthuizen</b> (1794-1853) x Swd 1811 : 6s &amp; 4d <b>e8 : Daniel Gerhardus Cornelis Zaayman</b> (1790-1849) Barends Eredood &amp; Ystervarkfontein s.v. Bernhardus Lambertus en Geertr. J. Willemse ►</p>	<p><b>d5 : Bernhardus Lambertus Zaayman</b> (1752-&lt;1840)Barend Zaaijman Eredood x Dks 1774 Maria Elisabeth Smuts : 2d ▲ xx Stb 1880 Geertruyda Johanna Willemse ◀ seun (1752-1840) : 8 s &amp; 1d</p>	<p><b>Margaretha Sus.Joh.Oosthuizen</b> (1887-1975) Swartwater x Abt 1908 : 3d &amp; 1s <b>e3f7g3h11: Bartholomeus Saayman</b> (1883-1970) s.v. Mattheus Wilhelmus Saayman en Martha Adriana van Wyk</p>
	<p><i>Ongekop:</i> <b>Johannes Diederik Oosthuizen</b> * 1866, Droevlakte x Rvd 1890 : 6s &amp; 1d <b>d5e3f4g1h11:Catharina Jacomina Louisa Saayman</b> * 1891 d.v. Bartholomeus Saayman en Christina Hendrina Susanna Scott van Hectorskraal : hul dogter:</p>	<p><b>Helgard la Grange Oosthuizen</b> * 1887 Kleinplaats x Abt 1917 : 2s &amp; 1d (o.a. j1 : Gerrit Johannes * 1919) <b>e3f7g3h2i1 :Cecilia Petronella Saayman</b> * 1895 Weltevreden d.v. Adriaan Lodewicus Saayman en Elisabeth Joh. Chris. van Zyl</p>
	<p><b>Christina Hendrina Johanna Oosthuizen: i1</b> * 1891 Droevlakte x Rvd 1911 <b>neef d5e3f4g1h7i1: Bartholomeus Saayman</b> boer Reitz, VS, s.v. Willem Mart. Saayman * 1864 en Christina Hend. Sus. Kleynhans *1861</p>	<p><b>Maria Magdalena Oosthuizen</b> * 1888 van Kleinplaats x Abt 1911: 3d &amp; 3s:o.a. GJ *1914 <b>e3f7g7h5: Bartholomeus Saayman</b> * 1884 Keurfontein, s.v. Mattheus Wilhelm Saayman en Susanna Maria Joh. Petr. de Jager</p>

**BYLAAG 1.6 : SAAYMAN VERWANTSKAP MET JANSE VAN RENSBURGS [Gisa (9) 264-354]**

**Stamouers A :** **Claas Jansz** \* c. 1661 a.K. 1705-8 van Schleswig-Holstein , Denemarke of Rijnsberg, Leiden, Ndl † 1728 op 67 j  
x Stb14.7.1708 Aaltje (Aletta) van der Merwe, Kps (1684-1729) d.v. Schalk van der Merwe en Elsie Cloete: 7 k  
boer agtereenvolgens te *Vrymosfontein*, Paarl; *Hottentotsfontein*, Riebeek-Kasteel; *Rustenberg*, Tulbach; en *Zeekoegat*, Wellington

**B1: Johannes J.v.R.** (1709-1775), *Tweekuil*, *Valsrivier* en *Middeldrift*, Albertinia  
x Kps 1730 Anna Margaretha Botha (1716-1765) d.v. Jacobus Botha en Elsie Snyman

<b>C1: Nicolaas J.v.R.</b> ~ Paarl 22.6.1731 burger Swd x Stb 11.11.1753 Albertha van Koopmans 7.10.1728  <b>seun:</b>	<b>C2: Jacobus J.v.R.</b> (1733-1803) <i>Melkhoutfontein</i> en <i>Valsrivier</i> , Abt x Stb1753 Maria Catharina Botha ~ 7.4.1738 d.v. Jacobus Botha en Emerentia Potgieter  <b>2 seuns : D6 en D14 relevant :</b>	<b>C3: Johannes Frederick</b> (1736-1773) <i>Welgevonden</i> x Tbh 1759 Maria Elizabeth du Buis (1743-1773) d.v. Jean du Buis & Elsje Hoffman xx 1794 Elisabeth Sophia Mulder ~ 1756 d.v. Antonie Michael Muller en Adriana van Rooyen : <b>3 seuns :</b>				
<b>D6: Nicolaas J.v.R.</b> (1764-1831) burger Swd † Uitenhage x Kps 1787 Anna Johanna Breytenbach ~1772 <b>: 2 seuns en 2 kleinseuns:</b>	<b>D6: Nicolaas J.v.R.</b> (1763-1831) <i>Weltevreden</i> , Rvd x Kps 1788 Maria Grobbelaar (1769-1838) d.v. Petrus Grobbelaar & Maryna Susan Human : <b>3 seuns :</b>	<b>D12: Hendrik Jacobus J.v.R.</b> ~ 1784 x c.1806 Dorothea Catharina Lange ~1790 d.v. Johan Friedrich Lange en Margaretha Lombaard : <b>2 seuns en 2 kk:</b>				
<b>E1: Nicolaas J.v.R.</b> (1788-1863) <i>Poortjie</i> , Bfn x Kps 1823 Hester Catharina Susanna Fourie ~1786	<b>E3: Johannes Jacobus J.v.R.</b> (1793-1871) Rvd † Phillipolis x Kps 1819 Jacolina Helena Stoffelina Snyman ~ 30.4.1799	<b>E1: Jacobus Hendricus J.v.R.</b> (1788-1849) eienaar <i>Hectorskraal</i> [Ler (9) 27] x Swd 1812 : 6s&4d Hester Magdalena J.v.R. * 1797 d.v. Jacobus J.v.R. x Susan Catharina Oosthuizen en sus van E3: Amerentia  <b>seun:</b>	<b>E3: Petrus Johannes J.v.R.</b> (1793-1856) x Grg 1815 Amerentia Catharina J.v.R. ~ 1795 d.v. Jac J.v.R x Susan Cath Oosthuizen en sus.v E 1: Hester  <b>dogters en 2 seuns:</b>	<b>E10: Philippus Rudolph J.v.R.</b> (1809-1885) x Swd 1829 <i>Weltevreden</i> , Rvd x Swd 1829 Maria Magdalena van Rensburg  <b>dogter en seun:</b>	<b>E1:Johannes Fred</b> (1808-1882) x Swd 1829 Marg. Oosthuizen : <b>d :</b> <b>F2: Anna Marg.</b> * 1836 <i>Buffelshoek</i> xRvd 1854 : 4s & 4d ► wew. <b>e8f6:Barend</b> <b>Chris. Saayman</b> (1829-1860) <i>Ystervarkftn</i> , s.v. Daniel Z.& Elsie Em. Oosthuizen  <b>seun en kleinseun:</b>	<b>E3: Jacobus J.v.R.</b> (1814-1877) x Swd 1838 Eva Cath. Roelofse:s <b>F2: Jacobus Theodorus</b> * 1848 xx Msb1879:7s <b>◀ e8f6g2:Anna Margaretha Saayman</b> * 1855 d.v. e8f6

